

*R*ENTMEESTERSKAP



INHOUD

1.	Rentmeesterskap	p. 3
2.	Toewyding: Rentmeesters vir God	p. 13
3.	Getrou aan ons sendingopdrag	p. 17
4.	Christus ons geregtigheid	p. 21
5.	Getroue volgelinge	p. 29
6.	Elkeen 'n saaiër	p. 33
7.	Deel die rykdom	p. 44
8.	Wees soos Jesus Christus	p. 48
9.	Lewende water moet gedeel word	p. 52
10.	Die wonderlikste werk op aarde	p. 53
11.	Elke man, vrou en kind is verantwoordelik	p. 54
12.	Die gemeente 'n krag en lewensbron ten geode	p. 56

Saamgestel en vertaal deur: dr *Hans Koen*

Tel: 021 872 8756 - Sel: 076 689 9246 - E-pos: estellie@telkomsa.net

RENTMEESTERSKAP

Die Kerk: 'n Lewensbron

Wanneer die krag van God in Sy mense werksaam is, kan lewe ontstaan waar dit nooit voorheen bestaan het nie. Deur ons kan God hoop bied aan diegene wat mismoedig, wanhopig, verdor en sterwend is, beide geestelik en fisiek.

Eendag sal God se mense - insluitend die lede van die gemeenskap wat God genees en lewend gemaak het deur die onselfsugtige werk van die kerklidmate - op die nuwe aarde wees. In die tussentyd - terwyl ons wag op daardie wonderlike werklikheid - wil God hê dat Sy kerke plekke moet wees waarvandaan daar genesing en oorfloedige lewe na die gemeenskap toe vloei. Hy wil deur ons werk om die woestyne, lae vlaktes en Dooie See in ons gebiede te omskep, sodat hulle oorfloedige lewe in Jesus kan hê (Joh.) 10:10). Dit is die algehele Adventiste boodskap in 'n neutedop.

Wat is rentmeesterskap?

Die beginpunt van rentmeesterskap is om te erken dat God rentmeesterskap in werking stel. Hy gee ons lewe en nooi ons uit tot 'n intieme vennootskap. Hierdie vennootskap begin met die aanvaarding van Jesus Christus as Verlosser - om die blydschap van verlossing te ervaar. Dit lei ons dan om Hom genoeg te vertrou om Hom as Here of Eenaar van ons lewens te aanvaar.

Weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees en dat julle nie aan juiself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.- 1 Kor. 6:19,20. Ons is teen 'n ontsettende prys vrygekoop. Ons behoort aan God. Maar dit was bloot 'n herwinning, want Hy het ons gemaak; ons het van die begin af aan Hom behoort, want "in die begin het God geskape" (Gen. 1:1). Die Skrif verklaar uitdruklik, **die aarde**

behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon. - Ps. 24:1.

Met die Skepping het God Sy besittings met die mensdom gedeel en Hy bly steeds die ware eienaar van die wêreld, sy inwoners en die goedere wat dit bevat (Ps. 24:1). Aan die kruis het Hy Sy eie, wat die mens met die sondeval aan die Satan oorgegee het, herwin (1 Kor. 6:19,20). Nou het Hy Sy kinders as rentmeesters van Sy besittings aangestel.

'n Rentmeester is iemand aan wie die bestuur van die huishouding of die besitting van 'n ander toevertrou word. Rentmeesterskap is die amp, verpligtinge of diens van 'n rentmeester. Vir die Christen beteken rentmeesterskap die mens se verantwoordelikheid vir en gebruik van alles wat deur God aan hom toevertrou is - die lewe, die fisieke wese, tyd, talente en bekwaamhede, stoflike besittings, geleenthede wat ander tot diens kan wees en sy kennis van die waarheid. Christene dien as bestuurders van die besittings van God en beskou die lewe as 'n heilige geleentheid om te leer om getroue rentmeesters te wees en daardeur toegerus te word vir die hoër rentmeesterskap van die ewige dinge in die toekomstige lewe. In sy breër dimensies is rentmeesterskap daarom die wyse en onselfsugtige aanwending van die lewe.

Wat is Bybelse rentmeesterskap?

Die Bybel leer ons dat slegs 'n persoon wat 'n verhouding met God het, waarlik met Hom in vennootskap kan gaan en Hom met hulle hele lewe aanbid. Rentmeesterskap is die erkenning van God se eienaarskap en soewereiniteit en ook van Jesus Christus se aanspraak as heerserskap in ons lewens.

Is geld deel van rentmeesterskap?

Ja, rentmeesterskap sluit elke area van ons lewens in: ons liggame, vaardighede, tyd, omgewing en werk. Die liefhê van God met ons hele hart, verstand en siel, al ons sake weerspieël wie ons in verhouding tot God

is. Daarom, met hierdie allesinsluitende siening van rentmeesterskap, is Jesus ook Here van ons finansiële bronne.

Wie is getroue rentmeesters?

Gesien vanuit sy totaliteit is rentmeesterskap 'n uitdrukking van dissipelskap met 'n hart vir God se sending in die wêreld. Rentmeesters is vennote met God, wat hulle getrouheid as lidmate en kerkleiers in eenheid met Sy wêreldwye kerk uitlewe. Gevolglik is rentmeesterskap 'n lewenstyl van iemand wat God se heerserskap aanvaar het en in vennootskap met God wandel en as God se verteenwoordiger optree om Sy sake op aarde te bestuur.

'n Saak van eienaarskap

Het jy al ooit opgemerk hoe met nadruk die Goeie Herder op eienaarskap van die skape in die verhaal van Johannes 10 aanspraak maak. Hy **roep sy eie skape** (v.3); **hy sy eie skape uitgebring het** (v. 4); **Ek ken my eie en word deur My eie geken** (v. 15); **Ek het nog ander skape** (v. 16).

Nadat hierdie verhaal gelees is, bly daar absoluut geen vraag oor wie die skape besit nie. Dit is 'n versameling van verklarings van die Goeie Herder wat eienaarskap ver bo die kommersiële vlak verklaar - maar hartstogtelike, persoonlike eienaarskap van iets wat so waardevol is, dat Hy tot die uiterste sou gaan om Sy lewe vir hulle te gee. Hierdie Herder staan nie maar net by die deur nie; Hy is die deur (v. 7). Dit is eienaarskap wat deur diep en toegewyde liefde versterk word.

Die Risiko van Eienaarskap

Hierdie Goeie Herder stel ook ander rentmeesters - of onder-herders - aan om te help met die voeding, grootmaak en versorging van die skape. Dit is gewaagd; gewaagd, omdat die enigste manier hoe die rentmeester effektief die skape kan dien, is die skape moet leer om die rentmeester se stem met die van die Herder te assosieer. Die rentmeesters moet die eienskappe van die Herder weerspieël, net soos hulle vol vertrou die

Herder volg. Die risiko is in die veronderstelling: dieselfde karakter, dieselfde toewyding en dieselfde liefde wat standvastig tot die dood sal staan. Hierdie risiko is veel groter as die gevaar wat die dief moet trotseer wat probeer om skelmpies toegang tot die skaapstal te verkry (vs. 1 en 8), omdat die dief die skape met geweld sal moet neem en dus beperk is tot een of hoogstens twee wat een persoon kan wegdra. Die rentmeester het die vertroue van die hele kudde.

Die ontroue rentmeester

Die verhaal beskryf hierdie risiko deur van die ontroue rentmeester (huurling) wat nie op eienaarskap nie, maar slegs op beloning aanspraak maak, te vertel. Die huurling (vs. 12,13), beskou die skape as voorwerpe in die sentrum van 'n transaksionele verhouding tussen homself en die Herder. Die huurling funksioneer nie op die basis van toewyding nie, maar van gewilligheid wat beperk is in terme van tyd, energie en risiko ten opsigte van homself.

As sodanig is die skape veilig en gevoed slegs tot die mate van die beperkinge wat hy op die werksverhouding met die Herder plaas. Terwyl hy die skape oppas wat gewilliglik sy stem na die weiveld volg, merk hy dat verskeie wolwe uit die woud te voorskyn gekom het om die moontlikhede en risiko's te oorweeg om vleis vir middagete te hê. Die huurling oorweeg vinnig sy risiko (nie die skape s'n nie) en kom tot die gevolgtrekking dat hierdie scenario sy toegelate risiko oorskry en hardloop weg. Hy los die kudde, terwyl hy mompel, "Ek word hiervoor nie genoeg betaal nie!" Die skape word uit mekaar gejaag, terwyl sommige gevang en verslind word. Dit is die risiko wat die Goeie Herder aanvaar wanneer die skape aan ontroue rentmeesters toevertrou word.

Die getroue rentmeester

Johannes verhaal nie enige direkte lering in hierdie verhaal van die Goeie Herder betreffende die eienskappe van 'n getroue rentmeester nie. Hy laat die wysheid van die grootste storieverteller toe om ons verstand en

kreatiwiteit te aktiveer om 'n verstandelike model van die getroue rentmeester te bou. Ons kan tot die gevolgtrekking kom dat die getroue rentmeester - toegewyd, liefdevol, getrou - alles is wat die huurling nie is nie, maar dit neem ons ongelukkig net so ver. Die huurling besit nie die skape nie en so ook nie die getroue rentmeester nie. Dit laat die vraag ontstaan of die getroue rentmeester slegs "optree" soos 'n eienaar, en indien wel, waar kom die motivering vandaan om dit te doen? Sal so 'n rentmeester in staat wees om die toets te deurstaan wanneer hy die swart, nat bekke van die wolwe sien te voorskyn kom uit die woud om die kudde te bedreig? Sal sy besef van die eie-ek in die konteks van 'n gebrek aan eienaarskap hom toelaat om sy lewe vir die skape op die spel te plaas?

Dawid het die hartstogtelike, toegewyde gesindheid wat van 'n getroue rentmeester verwag word in sy onverwagte ontmoeting met die **leeu en die beer** (1 Sam. 17:34-36), gedemonstreer. Die bemoediging wat hierdie storie bring, is dat Dawid homself nie as die eienaar identifiseer nie. Hy raak in 'n stryd met albei roofdiere betrokke met 'n groot risiko vir sy lewe ten einde 'n skaap, wat nie sy eie is nie, te red. Die belangrike sleutel wat ons in hierdie verhaal van moed ontdek, is dat Dawid die skape as "sy vader se skape" identifiseer (v. 34) en sodoende ontdek ons die motiveringsfaktor vir sy gewilligheid om homself vir die skape in gevaar te stel - hy het soos 'n eienaar opgetree, as gevolg van sy verwantskap-identiteit met sy vader. Die skape het waarde gehad as gevolg van hulle waarde vir sy vader. Derhalwe het hulle vir hom waardevol geword. Die toewyding aan die skape is in die verhouding met die Vader te vinde.

Die Goeie Herder as Rentmeester

In vers 15 verbind die Goeie Herder Homself en Sy gesindheid teenoor die skape van Sy Vader. Die Goeie Herder se nadruklike verklaring van eienaarskap van en toewyding aan die skape hang ten nouste saam met Sy verhouding met die Vader. **Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader; en Ek lê My lewe af vir die skape.**

Jesus was nie slegs die Goeie Herder nie, Hy was ook die rolmodel vir almal wat as onder-herders van Sy kudde sou dien. Die toewyding, die karakter en die bekwaamheid om te dien spruit uit ons verhouding met die Vader - die eienaar van alles wat ons is en alles wat ons besit.

Hierdie werklikheid onderskei ons as nie-eienaars van die huurling. As gevolg hiervan, en deur God se genade, moet ons nooit van gevaar, wat die kudde bedreig, weghardloop nie. Ons moet ook nie die voordele/nadele vir die eie-ek opweeg voordat ons die behoeftes van hulle, wat aan ons toevertrou is, in aanmerking neem nie. Soos die Goeie Herder, moet ons alles op die spel plaas vir hulle wat Syne is. Ons is rentmeesters van Sy volk.

Behoorlike rentmeesterskap is onselfsugtigheid, dit is die algehele oorgawe van 'n mens self aan God en aan die naastediens. Omdat Christus ons so lief gehad het, het Hy die wrede kruis verduur en selfs die ergste foltering van verwerping in Sy eie Godverlatenheid. Vergeleke met hierdie gawe wat is daar wat ons kan gee? Hy het gegee, nie wat Hy gehad het nie - al het Hy alles besit - maar Homself. Dit is rentmeesterskap. Om hierdie grootste gawe te bepeins is om onself te vergeet en soos Hy te word. Dit sal ons motiveer om 'n kerk te word wat omgee vir diegene binne die gemeenskap van die gelowiges en dié daarbuite. - Stan Patterson: *Living Stewardship*, 6 Feb. 2016.

Meer as enigiets anders beteken 'n Christelike lewe oorgawe - om ons oor te gee en Christus aan te neem. As ons sien hoe Jesus Hom oorgegee het vir ons, roep ons uit: "Wat kan ek vir U doen?"

Namate ons nuwe aspekte van ons lewens ontdek, wat aan God oorgegee moet word, neem ons toewyding toe. Dan vestig Hy ons aandag, baie tederlik, op 'n ander aspek waarin ons ons ego moet oorgee. En so gaan die lewe deur 'n reeks nuwe Christelike toewydings wat dieper en dieper insink in ons wese, ons lewenswyse en hoe ons handel en reageer. Wanneer ons alles wat ons is en wat ons het aan God oorgee, aan wie dit in elk geval

behoort (1 Kor. 3:21 - 4:1), neem Hy dit aan maar Hy vertrou dit dan weer aan ons toe, sodat ons rentmeesters of opsigters word oor alles wat ons besit. Dan word ons neiging om gemaksgtige, selfsgtige lewens te lei verbreek wanneer ons beseef hoe ons Here op die aarde geleef het en wat Hy alles vir ons deurgemaak het. En Sy bevel: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom maak die werksaamhede van die kerk vir ons kosbaarder. Gedagtig aan Hom probeer ons om getroue rentmeesters te wees.

Die seëninge van rentmeesterskap

God het die rol van rentmeesters ter wille van onself aan ons toevertrou en nie ter wille van Hom nie.

'n Persoonlike Seën. Een rede waarom God ons vra om ons hele lewe - tyd, talente, liggaam en besittings - voortdurend aan Hom te wy is om ons eie geestelike groei en karakterontwikkeling aan te moedig. Terwyl ons altyd onthou dat God alles besit en hoe ewigdurend die liefde is waarmee Hy ons bejeën, word ons dankbaarheid en liefde gevoed.

Getroue rentmeesterskap help ons ook om ons begeerlikheid en selfsg te bowe te kom. Begeerlikheid, een van die mens se grootste vyande, word in die Tien Gebooie veroordeel. Jesus het ook daarteen gewaarsku: **Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorfloed van sy besittings nie.** - Lukas 12:15. Om op 'n gereelde grondslag te gee, help ons om van gierigheid en selfsg ontslae te raak.

Rentmeesterskap werk ook die ontwikkeling van spaarsamige gewoontes en doeltreffendheid in die hand. As die beginsels van rentmeesterskap die lewe oorheers, word die siel verlig en die doelgerigtheid versterk, word sosiale genietinge van ongesonde aspekte gesnoei, word die sakelewe volgens die maatstaf van die goue reël gevoer en word sielredding die hartstog. So oorvloedig is die seëninge wat God in 'n lewe van geloof en getrouheid voorsien.

Daar spruit diepe bevrediging en geluk uit die sekerheid dat Hy vir alles, wat belê word vir die redding van diegene vir wie die Meester gesterf het, die versekering gee: **Vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.** - Matt. 25:40. Niks is vir ons te kosbaar om vir Jesus te gee nie. As ons die middele, wat Hy aan ons sorg toevertrou het, ter wille van Christus aanwend, en elke plig wat ons in Sy Naam vervul, sal dit tot ons eie geluk bydra.

'n Seën vir andere. Ware rentmeesters is 'n seën vir almal met wie hulle in aanraking kom. Hulle gee uitvoering aan Paulus se opdrag in verband met rentmeesterskap: **dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie werke, vrygewig, mededeelsaam en vir hulle 'n skat weglê, 'n goeie fondament vir die toekoms, sodat hulle die ewige lewe kan beërwe** (1 Tim. 6:18,19).

Rentmeesterskap gaan om diens aan ander en om gewillig te wees om te gee wat God genadiglik aan ons geskenk het, sodat dit ander kan baat. Dit beteken dat ons nie langer dink dat die lewe bestaan uit hoeveel geld ons besit, watter titels ons het, watter belangrike mense ons ken, die huis en die buurt waarin ons woon en die posisie en invloed wat ons dink wat ons beklee nie. Die ware lewe is om God te ken, om liefdevol en milddadig te word soos Hy en om te gee wat ons kan na die mate waarin Hy ons voorspoedig gemaak het. Om waarlik in die gees van Christus te gee en te dien is om waarlik te lewe.

'n Seën vir die Kerk. Dit is vir die kerk onontbeerlik dat die Bybelse plan van rentmeesterskap gevolg word. Om gedurig daaraan deel te neem, is vir haar lidmate soos oefening - dit lei tot 'n kragtige kerkliggaam wat betrokke is by die verspreiding van die seëninge wat Christus aan ons toevertrou het en om gereed te wees om te reageer op enige behoefte wat daar in die saak van God mag ontstaan. Die kerk sal genoeg middele hê om die bediening te finansier, om God se koninkryk in haar onmiddellike omgewing uit te brei en om dit uit te dra tot aan die uithoeke

van die aarde. Sy sal gewilliglik tyd, talente en middele aan God beskikbaar stel in liefde en dankbaarheid vir haar seëninge.

Met die oog op Christus se versekering dat Hy sal terugkeer wanneer die evangelie van die koninkryk verkondig is tot 'n getuienis vir al die nasies (Matt. 24:14), kom die uitnodiging tot almal om saam met Hom rentmeesters en medewerkers van Hom te word. Dan sal die kerk se getuienis 'n magtige seën vir die wêreld wees en Sy getroue rentmeesters sal hulle verheug as hulle sien hoe die seëninge van die evangelie aan andere gebring word.

Ons is God se rentmeesters aan wie Hy tyd en geleenthede, bekwaamhede en besittings en die seëninge van die aarde en Sy hulpbronne toevertrou het. Ons is aan Hom verantwoordelik vir die wyse waarop ons hulle gebruik. Ons erken God as eienaar deur getroue diens aan Hom en aan ons medemens te lewer en deur tiendes en offergawes vir die verkondiging van Sy evangelie en die onderhoud en uitbreiding van Sy kerk te gee. Rentmeesterskap is 'n voorreg wat God aan ons gee om in liefde te groei en om selfsug en gierigheid te oorwin. Die rentmeester verheug hom in die seëninge wat andere as gevolg van sy getrouheid ontvang. - *Sewendedagadventiste Glo.....* 'n Bybelse uiteensetting van 27 Fundamentele Leerstellings, Hoofstuk 20.

Die gees van profesie sê: Die wonderlikste werk op aarde is om diegene wat verlore is te soek en te red vir wie Christus die oneindige prys met Sy bloed betaal het. Elkeen moet aktiewe diens verrig en as diegene wat met lig geseën is, nie die lig na ander versprei nie, sal hulle die kosbare genade wat aan hulle geskenk is, verloor, omdat hulle 'n heilige plig versuim wat duidelik in die Woord van God uitgestippel word. Namate die lig van die ontroue verflou, word sy eie siel in gevaar gestel en diegene vir wie hy 'n skynende lig moets gewees het, ontbeer die seën wat God bedoel het hulle deur die menslike werktuie moes verkry. Sodoende word die skaap wat nie opgesoek was nie, nie na die kudde teruggebring nie.

God is van jou, die menslike werktuig, afhanklik om jou plig na die beste van jou vermoë te doen en Hy self sal die groei gee. As menslike werktuig met Goddelike hulp sou saamwerk, sou duisende siele gered word. Die Heilige Gees sou aan toegewyde werkers glimpse van Jesus gee, wat hulle vir elke konflik sou staal en hulle sou ophef en versterk en hulle meer as oorwinnaars maak. - E. White: *Ye Shall Receive Power*, p. 161.

Die beloning van die wenner van siele

Luister wat sê die gees van profesie verder:

"Wanneer die verlostes voor God staan, sal kosbare siele reageer op hulle name wat daar is as gevolg van die getroue, geduldige pogings ter wille van hulle aangewend, die dringende versoeke en ernstige oorrerings om na die Vesting te vlug. Sodoende sal diegene wat in hierdie wêreld arbeiders saam met God was hulle beloning ontvang." - 8T 196, 197 (1904).

"Wanneer die poorte van daardie pragtige stad in die hoogte op hulle glinsterende skarniere oopgeswaai word en die nasies wat die geloof bewaar het, sal binnekom, sal krone van heerlikheid op hulle hoofde geplaas word en hulle sal eer en heerlikheid en majesteit aan God toeskryf. Teen daardie tyd sal sommige na jou toe kom en sê: "As dit nie was vir die woorde wat jy in vriendelikheid tot my gespreek het nie, as dit nie vir jou trane en smeking en ernstige pogings was nie, sou ek nooit die Koning in Sy prag gesien het nie." Wat 'n beloning is hierdie! Hoe onbelangrik is die lof van mense in hierdie aardse, kortstondige lewe in vergelyking met die ewige belonings wat op die getroue in die toekoms wag - onsterflike lewe!" - *Words of Encouragement to Selfsupporting Workers* (ph 113) 16 (1909).

Die voltooiing van elke edele daad

"Almal wat met 'n onselfsugtige gees gewerk het, sal die vrug van hulle arbeid aanskou. Die voltooiing van elke regte beginsel en edele daad sal gesien word. Iets daarvan sien ons hier. Maar hoe min van die resultaat

van hierdie edelste werk word in hierdie lewe aan die dader geopenbaar! Ouers en onderwysers gaan rus in hulle laaste slaap, hulle lewenstaak skynbaar tevergeefs; hulle weet nie dat hulle getrouheid onverseëlde fonteine van seën het wat nooit kan ophou vloei nie; slegs deur geloof sien hulle dat die kinders wat hulle opgevoed het 'n seën word en 'n inspirasie vir hulle medemens en die invloed herhaal homself duisendvoudig.

Baie werkers stuur boodskappe van sterkte en hoop en moed die wêreld in, woorde wat seën na elke hart in elke land dra, maar van die resultate van sy vermoeiende, eensame werk weet hy min. So is talente gebruik, laste gedra en werk afgehandel. Die mens saai die saad waarvan andere na hulle dood geseënde oeste insamel. Hulle plant bome, sodat ander die vrugte kan eet. Hulle is tevrede hier om te weet dat hulle dinge vir die goeie in werking gestel het. In die hiernamaals sal die aksie en reaksie van al hierdie dinge sigbaar wees." - Ed. 305, 306 (1903).

TOEWYDING: RENTMEESTERS VIR GOD

God se radikale of fundamentele roepstem in Openbaring

Van die begin af het God 'n spesifieke roeping aan die mens gegee. Ons lees in Genesis 1:26: **Laat ons mense maak na ons beeld, na Ons gelykenis.....** Deur ons na Sy eie beeld te skape spreek Hy Sy voorneme vir ons uit, dit is om soos Hy te wees. In dieselfde konteks gee Hy die mens die verantwoordelikheid om gesag of beheer oor die skepping te hê deur dit te versorg en te help as Sy rentmeesters daarvan. In Genesis 2:15 lees ons dat God Adam en Eva vra **om dit te bewerk en op te pas.** Hierdie werkwoord "om op te pas" of "toesig hou oor" word dwarsdeur die Bybel as 'n teken van verantwoordelikheid gebruik.

Eeue later, deur Moses, roep God Sy volk om 'n **koninkryk van priesters** te wees. - Ex. 19:6. Ons vind dieselfde oproep in 'n profeties-messiaanse

konteks in Jesaja 61:6: **Julle sal genoem word: Priesters van die Here, Dienaars van ons God.** In die Nuwe Testament verskyn dit selfs meer gereeld as in die Ou Testament. Jesus roep Sy volgelinge om Sy dienaars en gesante te wees - twee woorde met dieselfde, maar nie identiese betekenis nie. Paulus skryf dat ons **dienaars van Christus** (1 Kor. 4:1) en **gesante van Christus** (2 Kor. 5:20) is. Petrus lê nadruk op God se roepstem tot gelowiges wanneer hy duidelik verklaar dat elkeen wat in Christus wedergebore is, 'n priester in Sy koninkryk is (1 Pet. 2:5,9).

Meer as in enige boek beklemtoon Openbaring spesifieke name vir God se gelowiges. Johannes gebruik die term **engel** in Openb. 2:18-29 in die boodskap van die kerk in Thiatire. Johannes spreek eerstens tot die **engel** van hierdie kerk, maar gaan dan voort en skryf aan **die ander** in Thiatire (v. 24). Hy spreek duidelik die hele gemeente as **engele** aan.

Op dieselfde wyse is die drie engele van Openbaring 14 verbind om die finale boodskap aan die wêreld te verkondig - aan elke nasie, stam, taal en volk. Ons glo dat hierdie drie engele die "oorblyfsel" van God se volk op aarde verteenwoordig. In Openbaring 22:9 lees ons die vermaning van die engel aan Johannes, wat, nadat hy die groot visioen gesien het, gereed is om op Sy knieë neer te val en die engel te aanbid. Die engel sê: **Moeniel! Want ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders, die profete.** So verklaar die engel duidelik dat ons ook "profete" van die Here is. Dieselfde roepstem is in Openbaring 11:18: **Die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees.** Twee verdere name word geïdentifiseer: **diensknegte** en **heiliges**.

Laastens het ons die name **konings** en **priesters**. - Openb. 1:6; 5:10 en 20:6. Die gebruik van hierdie name is 'n voortsetting van hulle gebruik in die Ou Testament, maar ook soos in 1 Pet. 2:9 gebruik.

Dus, in die boek Openbaring het ons 'n lang lys van name vir die gelowiges: engele, profete, diensknegte, heiliges, priesters en konings.

Konings en Priesters

Kom ons konsentreer vir 'n oomblik op **priesters** en **konings**. Openbaring gaan op dieselfde trant voort en sê dat hierdie groot roepstem tot alle gelowiges is - van die Drie-eenheid self (Openb. 1:4,5). Twee keer lees ons: **Ons maak het konings en priesters**. - Openb. 1:6; 5:10. Die woord **maak** in Openb. 14:7, beskryf die kreatiewe krag van God. Die skepping is die resultaat van Sy almagtige krag. Met dieselfde krag maak Hy ons priesters en konings.

Selfs as Openbaring met begroetings van die Drie-eenheid begin, is Jesus die Een wat optree. Hy red ons deur Sy bloed en maak ons konings en priesters deur Sy krag.

Wat 'n wonderlike boodskap is hierdie! Terwyl Hy Sy lewe vir ons verlossing gegee het, het Jesus ons ook priesters en konings gemaak. *Die Goddelike plan eindig nie met ons vergifnis, verlossing en regverdigmaking nie. Dit gaan voort deur Jesus wat optree om ons na Sy beeld te herskep en ons identiteit en sending te herstel deur ons priesters en konings te maak. Jesus die Skepper en die Verlosser is dieselfde Een wat priesters en konings herskep: met ander woorde engele!*

Nou is ons konings en priesters.....

Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees - 1 Joh. 3:1,2.

Hy het gekom om die koninkryk te bring, Matt. 3:2; 4:17; 10:7, om die oorspronklike plan te herstel en ons na Sy eie beeld te herskep. Soos dit aan die begin was (Gen. 1: 26-28), wil dieselfde Skepper en Verlosser ons hierdie hernude (herwinde) identiteit gee.

Paulus skryf dat ons deur Hom nuwe skepsels is (2 Kor. 5:17), wat ons in staat stel om soos God in ware geregtigheid en heiligheid te word (Efes.

4:20-24). In Jesus het ons 'n nuwe vertrekpunt, 'n nuwe begin, 'n nuwe moontlikheid om nuwe rentmeesters in Sy koninkryk te word. *Ons word rentmeesters van Sy genade, Sy liefde, Sy sending aan Sy skepping.*

Hierdie is slegs die begin. Die groei na al hierdie dinge het so pas begin en ons het die moontlikheid om in alle opsigte na Christus toe te groei (Ef. 4:15). Nie slegs dit nie, maar wanneer Hy verskyn, sal ons Sy konings en priesters [rentmeesters] wees. Ons sal lewe en saam met Christus duisend jaar lank regeer (Openb. 21:4,6).

Gevolgtrekking

In die lig van hierdie groot waarheid van die Bybel, 'n tema wat in Genesis begin en deur die hele verhaal van verlossing tot Openbaring strek, en tot in die ewigheid, sien ons hierdie spesifieke, Goddelike roeping soos 'n voortdurende "kressendo" wat ontvou. Ons sien die mensdom na Sy beeld aan die begin geskape en wat, sedert die val, progressief hulle vryheid, hulle identiteit, hulle waardigheid en hulle verantwoordelikheid as rentmeesters in Christus herwin.

Hierdie "kressendo" verklaar die boek Openbaring, sal voortduur tot die dag dat die verlostes op die troon met God sal sit en hulle rol as regters van die Heelal vervul (Openb. 20:4-6).

Ons moet nou begin om in die insig of begrip en ervaring van hierdie identiteit te groei. Dit moet begin deur te groei in ons begrip van God se plan, die dimensies om 'n rentmeester dag na dag te wees en uit te lewe. Dit wil sê om priesters en konings van God te word. - Paolo Benini: The Adventist Stewardship, January - March, 2015.

GETROU AAN ONS SENDINGOPDRAG

Beantwoord die roepstem

Jesus Christus is ons rolmodel en Verlosser. Deur Sy geregtigheid en genade kan ons getrou wees, omdat Hy getrou is.

Prys die Here dat Hy ons geroep het om 'n volk te wees, 'n kerk, met 'n sendingopdrag. En wat 'n wonderlike sendingopdrag is dit nie, 'n sendingopdrag om hoop en genesing aan 'n sterwende wêreld te bring, 'n sendingopdrag om die Drie Engele se Boodsappe te verkondig, 'n sendingopdrag om die wonderlike nuus van Christus se spoedige wederkoms te verkondig.

Hierdie goddelik-bepaalde sendingopdrag is die rede hoekom die Sewendedag Adventiste Kerk bestaan en dit is 'n roepstem wat aan elkeen gerig is - vroue en manne, jongmense, kinders - ongeag ouderdom of geslag.

Sendingopdrag en Geloofsoortuiging

Ons unieke, Godgegewe sendingopdrag spruit voort uit Openbaring 14:6-12 - die Drie Engele se Boodsappe - God se belangrike boodskappe vir hierdie laaste dae van die aarde se geskiedenis.

Sommige mense mag sê hierdie boodskappe is polities nie korrek nie en nie raadsaam of gewens om verkondig te word nie. Maar ek sê vir julle dat die Drie Engele se Boodsappe die allerbelangrikste boodskappe is om te verkondig. Hulle is ons geloofsoortuiging en sendingopdrag en die rede vir God se wonderlike oorblyfselfkerk. Sewendedagadventiste se geloofs-oortuiging en sendingopdrag is onskeibaar.

Elkeen word benodig

Om die meer as 7 biljoen mense in die wêreld vir Christus te bereik en die belangrike waarhede soos in Sy Woord geopenbaar te versprei, word elke Sewendedagadventis opgeroep om 'n belangrike aandeel aan God se finale sendingopdrag van barmhartigheid aan hierdie donker wêreld te hê.

Daar word vir ons gesê: "Die lig wat God aan Sy volk gegee het, moet nie toegesluit word binne die kerke wat alreeds die waarheid weet nie. Dit moet in die duister plekke van die aarde versprei word. Diegene wat in die lig wandel soos Christus in die lig is, sal met die Verlosser saamwerk om aan andere te openbaar wat Hy aan hulle geopenbaar het..... In die wêreld vandag is mans en vrouens vasgevang in die soeke na wêreldse gewin en wêreldse plesier. Daar is duisende der duisende wat geen tyd of aandag aan die verlossing van die siel gee nie. Die tyd het aangebreek dat die boodskap van Christus se spoedige wederkoms dwarsoor die wêreld moet weerklink. Onmiskerbare bewyse dui op die nabyheid van die einde."- Ellen White: *Testimonies for the Church*, vol. 9, pp. 24,25.

Hierdie werk is nie slegs vir geordende leraars nie, maar vir elkeen wat die waarheid ken en glo. Ons word geroep om saam te werk om hierdie belangrike sendingopdrag te verwesenlik. Leke lidmate is uiters belangrik om die waarheid vir hierdie tyd uit te dra.

In julle werkplekke, in sosiale verkeer, in julle daaglikse aktiwiteite, openbaar die aantreklikheid en aantrekkingskrag van Christus en andere sal aangetrek word om die bron van julle vrede en blydskap te wete te kom. Wees gewillig om die hoop wat in julle is te deel; die hoop van Jesus se spoedige wederkoms.

Ons moet onthou dat die vermoë om ons Goddelike opdrag te voltooi is nie in menslike hande of programme of leerstellings nie. Die krag en waarheid wat verkondig word, word in die Woord van God, in die Gees van Profesie, in ernstige gebed en in die Heilige Gees gevind. **Nie deur krag of deur**

geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here van die leërskare. - Sag. 4:6.

Ons Bybelse boodskap verenig ons as 'n wêreldwye volk en beskerm ons daarteen om ons van die samelewing en van mekaar te isoleer.

Mense van die Boek

Ons leef in 'n tyd wanneer baie mense nie die duidelike en suiwer Woord van God wil hoor nie. Hulle wil slegs dit hoor wat vir hulle goed klink. Lidmate, verkondig die Woord tydig en ontydig. Leef asof die Here binnekort kom, omdat dit so is.

Ons moet volkome op die Here en Sy kosbare Woord vertrou. Ons moet die opvatting en besef versterk dat ons "mense van die Boek" is, die kosbare Woord van God met die duidelike, verklarende insig aanvaar dat ons die histories-Bybelse benadering volg om hierdie boodskappe te interpreteer. Ons aanvaar nie die histories-kritiese metode, wat menslike interpretasie bo die Bybel wat homself verklaar, stel nie.

As kenners van die geskiedenis glo ons dat die Bybel Bybelse profesie verklaar met die besef dat die rigtingwysers van die geskiedenis en die vervulling van profesie duidelik aangetoon word en die geskiedenis deurtrek. Ons staan op die vaste Woord van profesie.

Ons aanvaar ook ten volle die wonderlike raadgewinge wat aan ons deur die skrywes van Ellen White gegee word. Die Heilige Woord en die Gees van Profesie stel ons in staat om ons groot werk in die aankondiging van Christus se wederkoms te voltooi.

Ambassadeurs vir Christus

Soos leraars en lidmate hand aan hand werk, laat ons hierdie hemelse boodskap op elke moontlike manier meedeel; deur klein groepe, persoonlike getuienis, openbare evangelisasie, publikasies, sosiale media en menige ander wyses, insluitende deur die effektiewe, omvattende

gesondheidsbediening. Laat ons mense vir Christus se spoedige koms voorberei deur te doen wat God gevra het en elkeen van ons toegerus het om te doen.

'n Verbasende belofte word in *Christ's Object Lessons* gevind: "Dit is die voorreg van elke siel om 'n lewende kanaal te wees waardeur God die rykdom van Sy genade, die onnaspeurlike rykdom van Christus aan die wêreld kan oordra. Daar is niks wat Christus soveel begeer as verteenwoordigers wat Sy Gees en karakter aan die wêreld sal voorhou nie. Daar is niks wat die wêreld soveel nodig het as die openbaring van die Heiland se liefde deur middel van die mens nie. Die ganse hemel wag op kanale waardeur die heilige olie gegiet kan word om 'n vreugde en 'n seën vir menseharte te wees" (p.419).

Uitdagende tye voor

Namate die konflik tussen waarheid en dwaalleer verenger en verdiep, sal 'n skudding in God se Kerk plaasvind. Ellen White voorspel: "Soos die storm nader, sal 'n groot groep, wat geloof in die derde engel se boodskap bely het, maar wat nie deur gehoorsaamheid aan die waarheid geheilig is nie, van standpunt verander en by die geleedere van die opposisie aansluit. Deur met die wêreld te verenig en aan sy gees deel te hê, sal hulle sake in bykans dieselfde lig beskou en wanneer die toets kom, is hulle bereid om die maklike, populêre kant te kies..... Hulle word die grootste vyande van hulle voormalige broeders."- *The Great Controversy*, p. 608.

Diegene wat aan hulle Verlosser vashou en weier om die waarhede van die Drie Engele se Boodskappe prys te gee, besef hulle moet hulle plig nakom in die aanbieding van hierdie boodskappe en die gevolge in God se hande laat. "Diensknegte van God, met hulle gesigte stralende van heilige toewyding sal hulle van plek tot plek haas om die boodskap van die hemel te verkondig..... Wonderwerke sal verrig word, siekes sal genees word en daar sal tekens en wonders wees..... Op hierdie manier sal die bewoners van die aarde beweeg word om kant te kies. Die boodskap sal verkondig

word, nie soseer deur argumente nie, as deur 'n diepe oortuiging van die Gees van God..... Nou sal die ligstrale orals deurdring en die waarheid sal in sy helderheid gesien word en die opregte kinders van God sal die bande verbreek wat hulle vashou. Ten spyte van die magte wat teen die waarheid verenig is, sal 'n groot getal hulle aan die kant van die Here skaar."- *The Great Controversy*, p. 612.

My broeders en susters, hierdie is die opwindende toekoms waarvoor ek en jy bemagtig en toegerus is om God se groot werk af te handel soos ons hierdie kragtige boodskappe verkondig. Slegs deur volkome op Jesus en die krag van die Heilige Gees te steun, sal ons in staat wees om enigiets te vermag. God is besig om ons vir iets buitengewoons voor te berei: die uitstorting van die laat reëns van die Heilige Gees.

Sendingopdrag-gesinde medegelowiges, die ganse hemel wag. Is ons gereed om die hemel se roepstem te beantwoord? Is ons gewillig om ons geheel en al aan die Here toe te wy en Hom toelaat om deur ons te werk om verlore nes te bereik?

Jesus kom binnekort!!

9.Ted N.C. Wilson: *Adventist World*, August 2015. pp. 8-9.

CHRISTUS, ONS GERECHTIGHEID

WAT TREK JY AAN NA DIE BRUILOF?

Ons fokus is hier op 'n fundamentele aspek van verlossing: Christus en Sy gerechtigheid.

Mattheüs doen verslag van 'n fassinerende gelykenis van Jesus omtrent 'n bruilof en 'n gepaste bruiweskied. Ons lees in Mattheüs 22 dat 'n groot bruilof deur die koning gereël was. Daar is groot opgewondenheid, terwyl

die koning hierdie feesviering vir sy seun voorberei. Hy het **sy diensknegte uitgestuur om die genooies na die bruilof te roep** (v. 3).

Jammerlik, maar diegene wat die uitnodiging ontvang het, was nie opgewonde om dit by te woon nie. Kan jy jou voorstel dat 'n koning mense na 'n bruilof uitnooi en dat hulle nie wil kom nie? Ons moet onthou dat hierdie gelykenis vir ons vandag van betekenis is. Jesus nooi ons uit na Sy bruilofsfees. Sal ons kom?

Die onthaal

In hierdie gelykenis het die gaste nie opgedaag nie - hulle het selfs nie eers die koning se ruimhartige uitnodiging waardeur nie. **Hulle het hul daaraan nie gesteur nie en weggegaan** (vers 5). Is ons so besig met die lewe, probeer om die een-en-twintigste eeu te bowe te kom, dat ons te besig is om na die belangrikste maaltyd wat God ooit sal voorsit te kom?

Verwerp die koning

In die gelykenis het diegene wat die uitnodiging na die bruilof ontvang het, die koning se diensknegte gegryp, hulle wreed behandel en doodgemaak. Wanneer julle as God se mede-arbeiders uitgaan, wees daarop voorberei om weggewys, getart, vermy en selfs doodgemaak te word. Die Christelike kerk as 'n geheel, en die Sewendedag Adventiste Kerk spesifiek, het hulle deel van martelare gehad.

Laat ons nie bevrees wees oor die toekoms nie. Moenie bevrees wees omtrent die profetiese ontvouing wat ons weet gaan gebeur nie. Ons is verseker van Christus se teenwoordigheid tot aan die heel einde van tyd (kyk Mattheüs 28:20). Enigene wat huidige gebeure dophou, sal weet dat profesie besig is om vervul te word soos Christus voorspel het. Ons lewe nie in normale tye nie.

Toe die koning in die gelykenis gehoor het hoe sy diensknegte behandel was, was hy woedend. Hy het sy leërs uitgestuur, die moordenaars vernietig en hulle stad verbrand (Matt. 22:7).

Van voor af begin

Toe begin die koning van voor af. Hy het vir sy diensknegte gesê: **Alles staan klaar vir die bruilofsfees, maar die genooïdes was dit nie werd nie. Gaan nou uit na die straathoeke en nooi soveel mense as wat julle teenkom, na die bruilofsfees toe** (verse 8,9). Baie mense het gekom - slegtes sowel as goeies - en die bruilofsaal was vol gaste (vers 10).

Vandag, soos God se Woord verkondig word, sal daar mense wees wat nie met God se heilige Woord in ooreenstemming is nie, maar sal deel wees van hulle wat kom. Tot aan die heel einde van tyd, sal daar die goeies en die slegtes wees, die koring en die onkruid. Maar daar sal 'n skudding wees. In der waarheid glo ek dat die skudding alreeds begin het. Die wêreld het op 'n ongelooflike wyse in die kerk ingesluip.

Daar is slegs een manier hoe ek en jy kan voorkom dat ons deur dwaalleer meegesleur word, met geestelike gevolge, met 'n kinkel wat ons teen God se Woord sal laat draai. Daar is slegs een manier om te voorkom dat ons uitgeskud word en dit is volkome vertrouwe op die geregtigheid [doen wat reg is] van Jesus Christus. Ons moet Christus se regverdigmakende krag, Sy heiligmakende krag, Sy opwekkende en hervormende krag ontvang.

Eis Sy beloftes

Die Bybel is vol pragtige beloftes wat Jesus kan en wil doen vir ons wanneer ons Sy kleeft van geregtigheid aanvaar: **Almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo.** - Johannes 1:12. Die apostel Paulus bemoedig ons: **Hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.** - Filippense 2:5. Johannes sê vir ons presies wie ons is en hoe ons van die verskriklike vloek van selfgesentreerdheid genees kan word: **Om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy**

kan sien. Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou. - Openb. 3:18,19.

1. **Goud wat deur vuur gelouter is.** In 1 Petrus 1:7 sien ons dat die goud wat deur vuur gelouter is, 'n aktiewe geloof verteenwoordig, geloof wat deur liefde werk (Gal. 5:6). Hierdie geloof reinig die hart wat onvoorwaardelik aan God oorgegee is en Sy aangebode geregtigheid verwelkom (kyk Handeling 15:9; Fil. 3:9). Jesus is die Leidsman en Voleinder van ons geloof. Ons geloof sal sterker en suiwerder groei soos ons dit in die louterende vuur van Sy Woord dompel en dit in die smeltkroes van die lewe se ervaring uitleef (Jer. 23:29; Jakobus 1:3; 2 Kor. 4:17,18).
2. **Wit klere.** Geestelike naaktheid is die resultaat van sonde. Die verlies van hulle kled van lig was Adam en Eva se eerste duidelike bewys dat hulle ongehoorsaamheid aan God 'n verandering in hulle lewens teweeggebring het. Onmiddellik het hulle vir hulle naaktheid probeer kompenseer deur rokke van vyeblare te maak. Hulle kon hulle fisiese naaktheid bedek, maar kon niks versin om die plek in te neem van die Goddelike geregtigheid wat hulle so onbesonne verbeur het nie.

Deur die evangelie bied Christus aan om ons geestelike naaktheid vir altyd te beëindig deur om ons die kosbare kled van Sy eie geregtigheid te hang. Hierdie geregtigheid is nie net 'n uiterlike bedekking nie, maar 'n inwewing van die hoedanighede van Christus se natuur in ons karakter. Deur genade word Goddelike geregtigheid integraal tot ons diepste wese. Sodoende is Christus se kled van fyn linne die **regverdige dade van die heiliges**. - Openb. 19:7,8. Nie geregtigheid wat die heiliges genereer, akkumuleer of menslik kultiveer nie, maar geregtigheid wat aan hulle as 'n Goddelike gawe toegeskryf en deelagtig gemaak is. Dit is die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus

Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie. - Rom. 3:22. Christus sal nie 'n geregtigheid [reg doen] aan ons toeskryf wat ons nie in ons lewens ontvang en geïnkorporeer het nie.

3. **Salf om jou oë te salf.** Simbolies verteenwoordig oogsalf die krag van helder onderskeiding wat slegs die Heilige Gees vir ons kan gee. God maak Sy Gees aan almal, wat gewillig reageer op die aanbiede van Sy liefde, deelagtig. Daardie gewillige reaksie kom tot uitdrukking in 'n begeerte om Jesus in 'n konstante dieper en ryker wyse te ken, lief te hê en te dien.

Jesus was met die Gees en met krag by Sy doop gesalf (Handelinge 10:38). Daardie selfde Gees salf ons met krag om so te leef en te dien soos Jesus gedoen het wanneer ons onself onderdanig stel aan die Gees se gesag soos Jesus gedoen het. Wanneer ons gesindheid sodanig is, dan sal Paulus se gebed vir die gelowiges in Efese ook in ons vervul word.

....dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlijkheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee, verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlijkheid van sy erfdeel onder die heiliges is; en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemel. - Efesiërs 1:17-20.

So 'n gesalfde lewensvisie sal ons bewaar van geestelike strikke, stagnasie en traagheid. Afvallig word sal onmoontlik wees en lewensbelangrike vooruitgang verseker. Ons sal 'n diepe intimiteit met God geniet.

Skriflesing sal 'n persoonlike onderhoud met 'n lewende God wees, eerder as 'n blote studie van geëerde getuienis deur antieke skrywers.

Die **oogsalf**, die Woord van God, maak die gewete seer onder sy aanwending, want dit oortuig van sonde. Hierdie pyniging is nodig, sodat die genesing kan volg en die oog enkelvoudig op die heerlikheid van God kan fokus.

Om gesalfde oë te hê is om die lewe vanuit God se perspektief te aanskou. Dit is om mense te sien soos Hy hulle sien, om die gebeure van die lewe soos Hy te interpreteer. Dit is om vir Hom die opperste eerbied te hê.

Brian Jones: *Prophets of Fire*, pp. 137-147.

Gepaste kleding

Terug by die gelykenis sien ons dat wat volgende gebeur in werklikheid 'n fassinierende verklaring van Christus se bediening is. Ons lees dat wanneer die koning gekom het om die gaste te sien, hy 'n man opgemerk het wat nie 'n bruiufskleed aanhet nie. **Vriend**, het hy gevra, **hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruiufskleed aan?** - Matt. 22:12. Die man was spraakloos. Hierdie arme man, alhoewel hy die perfekte kleed gegee was, het hy dit nie aanvaar en gedra nie.

Die Koning nooi nie net vreemdelinge (dit is ek en jy) na die bruilof van Sy Seun nie - Hy voorsien ook die gepaste klere as 'n geskenk. Wanneer Christus Sy kleed van geregtigheid voorsien, pas dit perfek en dit pas almal! Ons moet dit net aanvaar en aantrek.

Delf dieper

Die pragtige boek *Christ's Object Lessons* delf diep in die gelykenisse van Christus en verlig die baie waardevolle lesse wat daarin is verder. Daar lees ons dat die bruiufskleed verteenwoordig die "rein, vleklose karakter wat Christus se ware volgelinge sal besit" (p. 310).

En daardie karakter is nie ons karakter nie, dit is Christus s'n. "Dit is die geregtigheid van Christus, Sy eie onbevleete karakter, wat deur die geloof aan almal toebedeel word wat Hom as hulle persoonlike Saligmaker aanneem" (ibid., p. 310). Glo ons dit regtig?

Die hoofstuk bevat ook die wonderlike belofte: "Net die bedekking wat Christus self voorsien het, kan ons geskik maak om in die teenwoordigheid van God te verskyn. Hierdie bedekking, die kleed van Sy eie geregtigheid, sal Christus vir elke boetvaardige, gelowige siel aantrek....."

Hierdie kleed, wat in die weefstoel van die hemel geweef is, het geen enkele draad wat deur die mens bedink is nie. Christus het 'n volmaakte karakter in Sy mensheid gevorm en Hy bied aan om ons met hierdie karakter te bedeel. **Al ons geregtighede [is] soos 'n besoedelde kleed.** - Jes. 64:6.... Deur Sy volmaakte gehoorsaamheid het Hy dit vir elke mens moontlik gemaak om God se gebooie te gehoorsaam" (ibid., pp, 311, 312).

Moenie in die lokval trap wat mense opstel wanneer hulle sê: "Dit is onmoontlik om die gebooie te onderhou; dit is onmoontlik om 'n volmaakte lewe te lei nie." Dit is waar dat ons nie 'n volmaakte lewe uit onself kan lewe nie - daar is net geen manier nie. Maar wanneer ons die kleed van Christus se geregtigheid aanhet, verskyn ons voor die hemelse Vader as volmaak.

Heiligmaking neem oor

Dan gebeur iets anders. Heiligmaking begin oorneem en dit is ook Christus se geregtigheid. Ellen White het geskryf: "Wanneer ons ons aan Christus onderwerp, is die hart met Sy hart verenig, die wil met Sy wil saamgesmelt, dan word die gesindheid een met Sy gesindheid en die gedagtes word deur Hom gevange geneem, dan lewe ons Sy lewe. Dit is wat dit beteken om met die kleed van Sy geregtigheid geklee te wees....."

Geregtigheid is om te doen wat reg is en dit is deur hulle dade dat almal geoordeel sal word. Ons karakters word geopenbaar deur wat ons doen. Die werke toon aan of die geloof opreg is (ibid., p. 312).

Ons lees verder: "Die man wat sonder bruilofskleed na die feesmaal gekom het, stel die toestand van baie mense in ons wêreld vandag voor..... Hulle besef nie hul behoefte aan Christus nie en beoefen ook geen geloof in Hom nie. Hulle het nie hul oorgeërfde en aangeleerde neigings tot die sonde oorwin nie. Tog dink hulle dat hulle self goed genoeg is en hulle vertrou op hulle eie verdienste in plaas daarvan dat hulle op Christus vertrou. As hoorders van die Woord kom hulle na die feesmaal, maar hulle het nie die kleed van Christus se geregtigheid aangetrek nie" (ibid., p. 315).

Laat Sewendedagadventiste bekend staan as mense wat vertrou, nie in hulle eie verdienste nie, maar slegs in die verdienste van Jesus Christus.

Soos Ellen White geskryf het: "Ons moet die kleed van Christus se geregtigheid in hierdie lewe aantrek. Dit is ons enigste geleentheid om karakters te vorm vir die tuiste wat Christus vir diegene berei het wat Sy gebooi bewaar..... Wees versigtig dat jy nie miskien by die Koning se feesmaal sonder 'n bruilofskleed gevind word nie" (ibid., p. 319).

Gaan voorwaarts

Soos ons voorwaarts gaan, is jy gewillig om uit Christus se hand Sy bedekingskleed te ontvang wat jou in staat sal stel om 'n mede-arbeider met die hemel te wees? Deur die pragtige geskenk van Christus se kleed te aanvaar wat ons bedek en ons na Sy beeld hervorm, is fundamenteel om 'n volgeling van Christus te word.

Mag ons so met die krag van die Heilige Gees vervul wees dat mense sal sê: "Daardie Sewendedagadventiste ken Jesus. Hy leef in hulle harte en hulle is die grootste verkondigers van Christus se geregtigheid." - Ted N.C. Wilson: *Adventist World*, January, 2016.

GETROUE VOLGELINGE

OMDAT HY GETROU IS

Die vorige artikel handel oor die fondament van ons verlossing - Christus ons geregtigheid. Dit is een van die komponente van 'n gesonde Christelike lewe waarop ons as 'n kerk gedurende die volgende aantal jare sal fokus. Die ander twee is Getrouheid en Totale Lidmaat Betrokkenheid.

In hierdie artikel gaan ons op een spesiaal belangrike aspek van getrouheid fokus - om aan God se Heilige Woord, die Bybel, getrou te wees.

Ons heilige verantwoordelikheid

Een van die grootste gevegte wat ons in die gesig staar, is oor die gesag van die Woord van God. Die duiwel het nog altyd God se Woord gehaat en doen alles in sy vermoë om sy effek te neutraliseer. As Sewendedagadventiste is dit ons heilige verantwoordelikheid om die lewensreddende krag van die vaste Woord te beskerm, verhoog en bevorder.

Die wêreld om ons val uitmekaar. Mense is verontrus en besorg omtrent sekuriteit en persoonlike veiligheid. Hulle wonder watter verskriklike gebeurtenis sal volgende gedurende normale, daaglikse aktiwiteite gebeur. Miljoene emigrante probeer om die brutaliteit en onsekerheid van onbarmhartigheid en totale verwarring vry te spring. Die onbekende het die vyand geword.

Mense dink dat die wêreld om hulle nie in die regte rigting beweeg nie en hulle is reg. Ons lewe aan die einde van tyd volgens die Sewendedagadventiste se profetiese interpretasie en korrekte Skrifuitlegging. Wat benodig word, is nie 'n politieke, militêre of maatskaplike oplossing nie, maar 'n terugkeer na 'n vaste fondament - God se vaste Woord.

Sekerheid van God se Woord

Die apostel Petrus deel geweldige bemoediging omtrent die sekerheid van God se Woord. *Want ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en koms van onse Here Jesus Christus bekend gemaak het nie, maar ons was aanskouers van Sy majesteit; want Hy het van God die Vader eer en heerlikheid ontvang toe hierdie stem uit die luisterryke heerlikheid tot Hom gekom het: Dit is My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. En hierdie stem het ons uit die hemel hoor kom toe ons saam met Hom op die heilige berg was. En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.- 2 Petrus 1:16-21.*

Mense het nog altyd 'n vaste fondament nodig gehad. Die vaste woord van profesie is iets waarop ons kan reken en dit word vandag meer as ooit tevore benodig. Die Bybel voorsien die enigste hoop vir die toekoms soos dit na die evangelieboodskap van Christus, Sy geregtigheid, Sy verlossing, Sy bediening in die allerheiligste plek van die hemelse heiligdom en Sy finale verlossing van Sy volk by Sy tweede koms heenwys. Dit is ons enorme voorreg om hierdie boodskap deur die krag van die Heilige Gees bekend te maak.

Mense van die Boek

Sewendedagadventiste het lank reeds die Bybel as 'n skat bewaar en was bekend as "Mense van die Boek". Is ons steeds as "Mense van die Boek" bekend?

Natuurlik, ons aanbid die "Woord" wat vlees geword het - Jesus Christus, ons Here. Hy is die "Woord" en wat in Sy boek is, is belangrik. Wat 'n voorreg om die Woord van God te hoor, om na Sy lering te luister, om sy

riglyne vir die oorwinnende lewe deur Christus se regverdigmakende en heiligmakende krag te verstaan.

Hoe lees ons God se Woord

Die Woord van God word egter meer en meer geignoreer. Dit word mode om dit wat duidelik in die Skrif aangetoon word, verkeerd te verklaar en toe te pas. Dit word deur diegene wat hulself bo die Skrif plaas volgens hulle eie standarde en benaderings hervertolk.

Hoe ons God se Woord lees, is belangrik, omdat **hoe** ons dit lees ons help om waarheid van dwaalleer te onderskei. Die kerk sal met afvalligheid en valse leerstellings oorstroom word. Maar die Woord van God staan vas en Sy kerk sal teen die aanvalle van die duiwel oorwinnend wees.

Ons moet getrou die histories-Bybelse metode van Skrifverklaring volg en bevorder en die Bybel toelaat om homself te verklaar, gebod op gebod en reël op reël (Jes. 28:10).

As Sewendedagadventiste moet ons die geskiedkundige beskouing of historiese egtheid van profesie en Bybelse interpretasie volg en nie toelaat dat iemand ons hiervan weglei nie. Wees getrou en staan vas vir God se Woord.

Let op die volgende geïnspireerde lering omtrent die aanvaarding van die Bybel soos dit geskryf staan: "God vereis meer van Sy volgelinge as wat baie besef. As ons nie ons verwagtinge van die hemel op 'n vals fondament wil bou nie, moet ons die Bybel aanvaar soos dit geskryf staan en glo dat die Here bedoel wat Hy sê." - Ellen White: *Testimonies for the Church*, vol. 5, p. 171.

Produkte van hemelse inspirasie

Terwyl ons die laaste dae van die aarde se geskiedenis in die gesig staar, weet ons dat daar 'n vasberade poging deur Satan sal wees om die effektiwiteit van die Bybel - en die Gees van Profesie - te verwoes. Ons

sien die neutralisering van God se Woord oral om ons. Dit is Satan se plan om die duidelike "So sê die Here" te ondermyn. Ons het die vasbeslote pogings deur sommige gesien om die Gees van Profesie aan te val en dit kragteloos te maak.

Die Woord van God en die Gees van Profesie is albei produkte van hemelse inspirasie en is daarom akkurate verslae wat die groot stryd tussen goed en kwaad - tussen Christus en Satan - beskryf. Dit is hoekom die duivel vasberade is om die waarheid soos in die Bybel en die Gees van Profesie te verwoes. Gelukkig sal die duivel nie slaag nie, maar in die proses sal baie mense mislei word. God het aan ons 'n mandaat uit die hemel gegee om getroue verdedigers van Sy Woord te wees, omdat die Bybel as waar bewys is en mense se lewens verander. Die dilemmas van hierdie wêreld sê vir ons dat ons op die rand van die ewigheid is. God begeer om in en deur ons te werk. Ons lewe in die Laódicense laaste-dae tydperk wanneer die Christendom dikwels baie kunsmatig is. Die duivel wil alles probeer om ons aandag van die Bybel en die waarheid af te lei. Elke moontlike middel sal gebruik word: ontspanning, die media, vermaak, werk, musiek, verskille en interne probleme, vals leringe, familie onenigheid, ekonomiese probleme - enigiets wat tyd met God se Woord sal verhoed.

Reageer in getrouheid

Nogtans, God is getrou. Deur Sy krag, laat ons in getrouheid aan Hom reageer. Hy roep ons om in ons persoonlike verhouding met Hom te wees, getrou aan Sy Woord, getrou in daaglikse Bybelstudie, getrou in die studie van die Gees van Profesie en getrou in ons konstante gebedslewe. In 'n wêreld gevul met altyd-toenemende geweld, bomaanvalle, skietery en tragiese lewensverlies regoor die aarde, laat ons getrou wees aan God se plan van herstelling met Sy tweede koms binnekort. Jesus sê vir ons: **Wees getrou tot die dood.** - Openb. 2:10.

Deur God se genade - dit is die krag van God aan die gelowiges gegee om Sy oogmerke in elkeen se lewe te vervul. Dit is die krag om versoekings te

weerstaan en as kinders van God op te tree - laat ons die Woord van God verdedig en verhoog Christus, wat die Woord is. Laat ons die Bybel tot lewe laat kom en dit die fondament van ons geloof maak. Ons staan 'n stryd in die gesig en ons moet weet wat ons glo. Daar is suiwer waarhede wat in die Woord van God gevind word. Dit is nou die tyd vir getroue lojaliteit en vasklewing aan Sy Woord. Jesus sê: **Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.** - Openb. 3:11. Laat ons aan God en Sy Woord getrou wees! - Ted N.C. Wilson: *Adventist World*, February, 2016.

ELKEEN 'N SAAIER

ONS LEWE IN 'N TYD VAN ONGEKENDE VERANDERING

God het Sy oorblyfsel volk, die Sewendedag Adventiste Kerk, gevra om die weg van die Here voor te berei, om volkome op Hom te vertrou en die krag van die laat reëns van die Heilige Gees te ontvang. Dit is tyd vir die finale, luide wekroep - die verkondiging van die eerste-, tweede- en besonderlik die derde engel se boodskappe.

God het ons geroep om saaiers van Sy Woord te wees. Hy het ons geroep om Sy voorbeeld te volg in diens aan andere deur Sy waarheid en geregtigheid en Sy tweede koms na die wêreld te verkondig. Lidmate in hierdie kerk van bykans 19 miljoen is geroep om tesame met die Hemelse Saaier, Jesus Christus, Sy finale boodskap van liefde, geregtigheid, verlossing en die laaste-dae profetiese waarskuwing, wat Christus se spoedige wederkoms inlui, te verkondig. Elkeen 'n saaiër!

Kom ons kyk na God se instruksies, praktiese, evangeliese uitreik aksies op die Bybel en die Gees van Profesie gebaseer met volop verwysings na albei.

Kom ons lees Markus 4:3-9: In hierdie Skrifgedeelte het Jesus tot duisende by die see van Galilea gespreek. Die luisteraars kon op die vlakte van Gennesaret en teen die heuwels verder weg die saaiers en die maaiers sien wat besig was om die saad te saai en die vroeë graan te maai. Jesus het die waarhede van die Bybel bekendgemaak deur gelykenisse met eenvoudige verwysing te gebruik. Hy het die volgende gelykenis aan die skare - en aan ons vandag - vertel.

Luister! 'n Saaier het uitgegaan om te saai. En terwyl hy saai, het 'n deel langs die pad geval, en die voëls van die hemel het gekom en dit opgeëet. En 'n ander deel het op 'n rotsagtige plek geval waar dit nie baie grond gehad het nie; en dadelik het dit opgekom, omdat dit geen diepte van grond gehad het nie. En toe die son opgaan, is dit verskroei; en omdat dit geen wortel gehad het nie, het dit verdroog. En 'n ander deel het in die dorings geval, en die dorings het opgekom en dit verstik; en dit het geen vrug opgelewer nie. En 'n ander deel het in die goeie grond geval, en dit het vrug opgelewer; want dit het opgekom, en gegroei, en dit het gedra: een dertig- en een sestig- en een honderdvoudig.

En Hy sê vir hulle: Wie ore het om te hoor, laat hom hoor. - Markus 4:3-9.

Wat 'n voorreg om God se Woord te lees en om Sy aanwysings te verstaan hoe om die oorwinnende lewe deur Christus se regverdigmakende en heiligmakende krag te lewe.

Lees die Skrifte in hulle eenvoud

Die Woord van God word al hoe meer geïgnoreer. Dit het mode geword om dit wat duidelik in die Skrifte aangetoon word verkeerd te interpreteer en toe te pas. Dit word hergeïnterpreteer deur diegene wat hulleself bo die Skrifte plaas soos hulle volgens hul eie standarde en benaderings interpreteer.

Leraars, onderwysers, ouderlinge en lidmate, moenie toelaat dat iemand julle van die histories-Bybelse interpretasie van die Skrifte weglei nie. Laat die Bybel toe om homself te interpreteer gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie (vgl. Jes. 28:10). Staan vas vir God se Woord.

Let op die volgende instruksies oor die aanvaarding van die Bybel soos dit geskryf is:

Testimonies for the Church, vol. 5, p. 171. "God verwag meer van Sy volgelinge as wat baie besef. As ons nie ons verwagtinge van die hemel op 'n vals fondament wil bou nie, moet ons die Bybel aanvaar soos dit geskryf is en dat die Here bedoel wat Hy sê."

Evangelism, p. 239: "Baie word vasbeslote oortreders van God se heilige wet as gevolg van eenheid, ooreenkoms en samewerking met groepe wat instrumente van Satan is. God stuur vir hulle lig om hulle uit die dwaling te lei, maar hulle weier om die Woord van God te aanvaar soos dit geskryf is."

Counsels to Teachers, p. 353: "Hy strewe om hulle te onderrig dat die Here se weg altyd noukeurig gevolg moet word, dat Sy Woord aanvaar moet word soos dit geskryf staan en dat mense nie moet bedink of versin en beplan volgens hulle eie oordeel, ongeag Sy raadgeewing, nie."

Prophets and Kings, p. 185: "Baie aarsel nie om met die Woord van God te spot nie. Diegene wat die Woord glo net soos dit geskryf staan, word die spot mee gedryf."

Laat ons ore hê wat die Woord van God duidelik hoor en verstand wat die Woord van God in sy duidelikste, eenvoudigste en verstaanbaarste vorme aanvaar soos dit geskryf staan.

Verklaring van die gelykenis van die saaiër

Wat wil Jesus hê ons en die dissipels moet daaromtrent verstaan dat elkeen 'n saaiër van hierdie kosbare waarheid in die Woord van God moet

wees? Hy het voortgegaan om hierdie gelykenis van die saaiër in Markus 4:14-20 te verklaar. Vers 14 sê: **Die saaiër saai die Woord.**

Mattheüs 13:37 dui aan dat die saaiër van die goeie saad die Seun van die mens, Jesus Christus, was. Hy het nie as 'n koning gekom nie, maar as 'n saaiër wat heenwys na 'n groot oes wat na uitdagende moeilikhede sou volg. Jesus het Sy hemelse tuiste verlaat om die Woord van God op hierdie aarde te saai. Ons moet met Hom as saaiërs van die Waarheid saamwerk. *Christ's Object Lessons*, pp. 36-37 sê: "So moet Sy diensknegte ook uitgaan om te saai..... So moet ook hulle wat geroep is om hulle met Christus te verenig alles verlaat om Hom te volg..... Met geswoeg en trane, in eensaamheid en deur opoffering moet die saad gesaai word."

Elkeen 'n saaiër! Totale Lidmaat Betrokkenheid is die laaste, groot verkondiging van hierdie Advent boodskap.

Lukas 8:11 sê: **Die saad is die Woord van God.** Sade is in staat om te ontkiem. So is daar ook lewe in God se Woord. *Christ's Object Lessons*, p. 38, sê: "In elke gebod en in elke belofte in die Woord van God is die krag, ja, die ware lewe van God waardeur die gebod uitgevoer word en die belofte verwesenlik kan word."

Op bladsy 37 staan: "Diegene wat die Woord van God met oop harte vir die verligting van die Heilige Gees bestudeer, sal nie in duisternis bly omtrent die waarheid van die Woord nie."

Op bladsy 39 lees ons: "In die dae van Christus het die rabbi's 'n onnatuurlike, mistieke uitleg aan menige Skrifgedeeltes gegee. Omdat die suiwere leer van God se Woord hulle gebruikte veroordeel het, het hulle probeer om die krag daarvan te vernietig. Dit gebeur nou nog. Daar word beweer dat die Woord van God duister en onduidelik is, sodat wetsoortreding goedgekeur kan word. Christus het hierdie gebruikte in Sy tyd bestraf. Hy het geleer dat almal die Woord van God moet verstaan. Hy het Hom op die Skrifte as onbetwisbare gesag beroep en ons behoort dieselfde te doen."

Elke leraar, elke onderwyser, elke lidmaat moet daaraan deelneem om almal te help om ywerige studente van die Woord van God te word en om dit dan met andere te deel.

Vers 12: Dié langs die pad is die hoorders. Daarna kom die duiwel en neem die Woord uit hulle harte weg, sodat hulle nie sou glo en gered word nie.

Die kosbare Woord van God val op onoplettende hoorders soos 'n harde pad wat geen diepte het nie. Mense hoor maar verstaan nie. Satan staan gereed om die waarheid weg te raap van diegene wat nie oplettend is nie en om dan die effek van God se Woord te neutraliseer.

Vers 13: En dié op die rots is hulle wat die Woord met blydskap ontvang wanneer hulle dit hoor; en hulle het geen wortel nie, aangesien hulle net vir 'n tyd glo en in die tyd van versoeking val hulle af.

Hierdie saad kan nie diep grond vind om te groei nie. Selfsugtigheid in die hart neem beheer oor en die hart is nie verootmoedig onder die skuldbesef van sonde nie. Die eie-ek word meer as 'n verbintenis met Christus vertrou. Omdat die wortels nie diep in die grond van daaglikse gemeenskap met Christus ingaan nie, eis vervolging en versoeking sy tol.

Christ's Object Lessons, pp. 48-50, dui aan: "Baie voel 'n vervreemding van God aan, 'n besef van hulle verslaafdheid aan selfsug en sonde; hulle probeer hulle hervorm, maar hulle kruisig nie die eie-ek nie. Ware heiligheid is heelhartige diens vir God. Dit is die voorwaarde vir 'n ware Christelike lewe. Hy wat vir homself lewe, is geen Christen nie. Liefde moet die beginsel agter elke daad wees. Liefde openbaar hom deur opoffering. Om Sy ontwil sal ons pyn en arbeid en opoffering begeer. Ons sal dieselfde tere verlange na siele ken wat Hy geken het. Dit is die godsdiens van Christus. Geen blote teorie oor die waarheid of belydenis van dissipelskap sal 'n siel red nie. Ons behoort nie aan Christus, tensy ons geheel en al Syne is nie. Dit is weens halfhartigheid in die

Christelike lewe dat mense doelloos en wispelturig word. Die poging om sowel homself as Christus te dien, maak van 'n mens 'n rotsagtige-grondhoorder en hy sal nie staande kan bly wanneer hy beproef word nie.

Bly naby God en weerstaan dit om 'n rotsagtige-grondhoorder te word.

Hoekom herlewing en hervorming deurslaggewend is

Vers 14: En wat in die dorings geval het – dit is die wat gehoor het en hulle gaan weg en word verstik deur die sorg en rykdom en genietinge van die lewe en dra geen ryp vrug nie.

Dit is hoekom herlewing en hervorming so belangrik in ons lewens is. As ons nie die grond voorberei vir die ontvangs van die waarheid nie, kan onkruid en dorings die kosbare Woord van God versmoor. Die sorg van hierdie wêreld kan so 'n prominente plek in ons lewens inneem dat ons skaars God se belangrike boodskap aan ons kan begryp.

Christ's Object Lessons, p. 50, sê: "Genade kan alleenlik in die hart bloei wat voortdurend vir die kosbare saad van waarheid voorberei word. Die dorings van sonde sal in enige soort grond groei; hulle het geen bewerking nodig nie, maar genade moet versigtig gekweek word."

Dit is so belangrik dat ons digby die Here deur Bybelstudie, die bestudering van die Gees van Profesie en voortdurende gebed bly. Moenie toelaat dat die Woord van God deur dorings versmoor word nie.

Vers 15: En wat in die goeie grond val – dit is die wat, nadat hulle gehoor het, die woord in 'n edele en goeie hart hou en met volharding vrug dra.

Wat 'n voorreg om die Woord van God toe te laat om ons harte binne te dring en om dit dan met andere te deel wat op hulle beurt weer sal groei en dit met ander deel. Elkeen 'n saaiër! Hulle wat deur die goeie grond verteenwoordig word, is hulle wat 'n gelowige hart en geloof in die Woord van God het.

Christ's Object Lessons, p. 59 en 61, verklaar: "Kennis van die waarheid hang nie soseer af van die krag van die intellek, as van die suiwere doel, die eenvoud van 'n ernstige, afhanklike geloof nie. Engele van God sal nader kom aan diegene wat met nederigheid van hart na leiding soek. Die Heilige Gees is gegee om vir hulle die ryk skatte van die waarheid te ontsluit. Die goeie grond hoorders bewaar die woord nadat hulle dit gehoor het. Die Satan met al sy onheilsmagte is nie in staat om dit weg te raap nie. Ons aandeel is om God se Woord te ontvang en daaraan vas te hou, terwyl ons ons geheel en al daaraan onderwerp. Dan sal Sy doel in ons verwesenlik word.

God begeer dat ons almal "goeiegrond hoorders" sal wees. Mense wat so volkome, so onvoorwaardelik in sy geregtigheid vertrou om ons meer en meer soos Hy te maak. Hy begeer dat ons plaasvervangers vir Hom in die saai van die waarheid moet wees. Ons moet bemoedig wees dat daar baie sal wees wat luister soos ons saai en die Woord van God as "goeiegrond hoorders" sal ontvang. Dit is ons groot voorreg. Ons moet almal saaiers van die Woord wees - elkeen 'n saaiër - Totale Lidmaat Betrokkenheid in die laaste, groot verkondiging van hierdie boodskap.

Die afgelope 2015 Algemene Konferensie sessie se tema - "Staan op. Skyn. Jesus kom"- moet die fondament wees van alles wat ons doen soos ons voorwaarts gaan in 'n tydperk wat met onsekerheid gevul is.

Nogtans is dit selfs meer met God se inwonende teenwoordigheid en leiding gevul. God roep die Sewendedag Adventiste Kerk vir 'n unieke laaste-dae doel en sending as deelnemers met die Hemelse Saaiër. Hierdie kerk was deur God self in werking gestel op die regte tyd, in die regte plek en vir die regte rede om Openbaring 12:17 te verwesenlik, 'n volk **wat die gebooie van God bewaar en die getuieis van Jesus Christus hou.**

Dit is met kalm en rustige respek en nederigheid dat almal saaiers vir God moet wees, terwyl ons volkome op Hom steun vir Sy leiding.

Laat ons onself daartoe verbind om God se opdragte in Sy kosbare Woord en Sy Gees van Profesie te volg, om daagliks met Hom in Bybelstudie en gebed te wandel soos ons Hom toelaat om in ons te werk vir herlewing en hervorming.

Ons moet fokus op 'n baie persoonlike benadering tot hierdie belangrike onderwerp wat dwarsdeur die Skrif en die Gees van Profesie aangetoon word, nl. "Herlewing en Hervorming: Jy, Jou Familie, Jou Kerk, Jou Gemeenskap!" Ons is op die rand van die ewigheid. God wil in ons en deur ons werk as saaiers van Sy Woord.

Neem hierdie wekroep van God baie persoonlik en ernstig op. Herlewing en hervorming is 'n vaste fondament vir alles wat die Here begeer om deur Sy oorblyfselkerk te doen in die verkondiging van die Drie Engele Boodskappe om mense na ware aanbidding van God terug te lei.

Die Kerk se drie hoofdoelwitte

Die Sewendedag Adventiste Kerk wêreldwyd fokus tans op die volgende drie areas:

1. Christus en Sy Geregtigheid as die kern van die drie engele se boodskappe;
2. Getrouheid aan God, Sy Woord en in alles wat ons doen en sê;
3. Totale lidmaat betrokkenheid in getuienis en evangelisasie.

1. *Christus en Sy Geregtigheid*

Die erkenning van die sentraliteit van Christus se genade en opoffering vir ons, Sy genade en geregtigheid wat ons van die ewige lewe voorsien. Christus sê in Johannes 12:32: **En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek.**

Laat ons onself verbind om in hierdie eindtyd omstandighede Christus, Sy liefde, Sy Woord, Sy geregtigheid, Sy heiligdomdiens, Sy reddende krag in die groot stryd, Sy sewendedag Sabbat, Sy profetiese boodskappe, Sy

Gees van Profetiese lering, Sy drie engele se boodskappe, Sy gesondheidsboodskappe, Sy laaste-dae sending na die wêreld en Sy wederkoms binnekort te verhoog.

Christus en Sy geregtigheid moet ons lewens en alles wat ons doen, deurtrek. Ons is volkome afhanklik van ons verhouding met Hom en Sy vermoë om die ewige lewe te skenk. Sewendedagadventiste moet die grootste verkondigers van Christus, ons geregtigheid, wees.

2. *Getrouheid aan God*

God is aan ons getrou, deur Sy krag, laat ons in getrouheid aan Hom reageer. Hy roep ons om in ons persoonlike verhouding met Hom, getrouheid aan Sy Woord, getrou in daaglikse Bybelstudie, getrou in die studie van die *Gees van Profesie* en getrou in ons konstante gebedslewe te wees. In 'n wêreld gevul met steeds toenemende geweld, bomaanvalle, skietery en tragiese sterfgevälle oor die aardbol heen, laat ons getrou wees aan God se plan van herstel by Sy wederkoms.

Openbaring 2:10 sê vir ons: **Wees getrou tot die dood toe en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.** Laat ons getrou wees in die verstaan van ons unieke rol in die verkondiging van die drie engele se boodskappe en in die deelneming aan die luide wekroep van die derde engel, getrou in die mededeling van die unieke rol van die Advent-beweging, getrou in ons familie verhoudings ooreenkomstig Bybelse standarde en die waarheid, getrou in ons Christelike rentmeesterskap, getrou in die Sabbatskool en kerkbywoning en getrou om ander van Christus te vertel.

Die wêreld is oorstrom deur 'n bestaanslewenyswyse. Mense dink alles is nie absoluut nie. Dit is nie die geval nie! Daar is dinge wat volstrek en volkome is en dit word in die Woord van God gevind en ons getroue nakoming van die Woord. Openbaring 3:11 deel ons mee: **Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.** Sewendedagadventiste, wees aan God getrou!

3. Totale Lidmaat Betrokkenheid in getuienis en evangelisasie

Mattheüs 9:37-38 daag ons uit met die waarheid, dat **die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in Sy oes mag uitstuur.** Jakobus 1:25 vermaan ons om 'n **dader van die werk** te wees. Johannes 9:4 deel ons die dringendheid wat ons moet doen mee: **Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het, so lank as dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie.**

Lidmate, ek daag julle uit om in die daaglikse sending van die kerk betrokke te raak ver meer as wat julle ooit vantevore was. Elkeen is 'n saaiër! Die huidige Sewendedag Adventiste strategie daag ons uit met die doel: "Om alle lidmate van die kerk, leraars en leiers in volle vennootskap te betrek."

Leraars en lidmate, jonk en oud, moet vir die wen van siele saamwerk. Ons maak op julle staat! God maak op julle staat! Evangelisasie is die lewenskrag van die kerk. Ons almal moet daarby betrokke wees, of deur persoonlike getuienis, klein groep evangelisasie of openbare evangelisasie in sy verskillende vorme, selfs al dink jy dit sal nie in jou area werk nie. Pas jou metodes aan, maar reik uit. Doen iets vir Jesus! Elke poging, onder God se leiding, om die harte van mense te bereik sal vrugte dra. Evangelisasie is nie dood nie! Dit is meer as ooit vantevore lewendig! God is betrokke. Dit is Sy plan. Hy sal dit seën.

Kerkleiers en kerklidmate moet hand aan hand vir sendinguitreike werk. Die volgende instruksie is baie belangrik vir elkeen wat 'n saaiër van God se Woord is. *Testimonies for the Church*, vol. 9, p. 116 sê: "Die leiers in God se saak, soos wyse generaals, moet planne beraam vir die opmars langs die hele linie. In hulle beplanning moet hulle spesiale aandag gee aan die werk wat deur leke vir hulle vriende en bure gedoen kan word. Die werk van God op hierdie aarde kan nooit afgehandel wees totdat die manne en vroue wat ons kerklidmaatskap vorm, moed skep vir die werk en hulle pogings met leraars en kerkleiers verenig nie."

Elkeen 'n sendeling

Kerklidmate, laat die Heilige Gees julle denkwyse totaal hervorm. Neem die kerk se sending van uitreik in julle hande op 'n daaglikse basis en werk nou saam met kerkleiers en leraars. Laat dit 'n algehele deelname wees. Nie een word uitgelaat nie. Elkeen 'n sendeling. Doen iets vir Jesus en vir andere. Moenie na binne kyk en jou plaaslike kerk en haar aktiwiteite kritiseer nie. Reik uit na andere vir Christus. Moenie dat iemand sê jy is nie nodig nie. Die Heilige Gees sal jou as die hemel se boodskapper in jou woonbuurt bemagtig. Werk nou saam met jou leraar, plaaslike kerk en konferensie. Herlewing en hervorming sal iets persoonliks en 'n werklikheid word.

Daardie wonderlike boekie *Testimonies for the Church*, vol. 9 vertel van ons spesiale werk in Totale Lidmaat Betrokkenheid. 'n Paar sleutelgedagtes uit verskeie bladsye: "Die plegtigste waarhede wat ooit aan sterflinge toevertrou is, was aan ons gegee om aan die wêreld te verkondig (p. 19).Laat ons onthou dat 'n lewe soos Christus s'n die kragtigste argument is wat ten gunste van die Christendom voortgebring kan word. Mense sal glo, nie wat die leraar preek nie, maar wat die kerk lewe (p. 21). ...Christus se werk moet ons voorbeeld wees. Sy lewe was een van onselfsugtige diens en dit moet ons handboek wees (p. 31).Waar ook al ons sien dat daar werk is wat gedoen moet word, moet ons dit doen en voortdurend na Jesus opsien (32).God se volk moet ernstig en getrou in hulle werk vir Hom wees, sodat alle selfsugtigheid van hulle lewe geskei kan word. Sy werkers sal dan saamwerk en die arm van die Here, die krag wat in die lewe van Christus gesien was, sal geopenbaar word. Vertroue sal herstel wees en daar sal eenheid in die kerke dwarsdeur ons geledere wees (p. 33)."

Jesus kom binnekort! Lig daardie banier hoog en deel dit op praktiese wyses wat hulle rondom jou na die Een, wat vir ons verlossing gebring het en wat beloof het om ons binnekort huis toe te neem sal lei!

Testimonies for the Church, vol. 7, p. 9. "Die veranderende krag van God se genade vorm die een wat homself vir God se diens gee. [Genade is die krag van God, tot gelowiges se beskikking gestel, sodat God se plan of doel in hulle lewens verwesenlik kan word.] Vervul met die Gees van die Verlosser is hy gereed om die eie-ek te verloën, gereed om die kruis op te neem, gereed om enige opoffering vir die Meester te maak. Die Christen het geen begeerte om vir die eie-ek te leef nie. Hy het genoeg daarin om alles wat hy het toe te wy en is tot die Meester se beskikking. Hy is aangespoor deur 'n oorweldigende begeerte om siele vir Christus te wen. Hulle wat geen so 'n begeerte het nie, moet beter oor hulle eie verlossing besorg wees. Laat hulle vir die gees van diens bid."

Manuscript 61, 17 Sept. 1909. Woorde van Onderrig: "Die wêreld is besig om vir die sluitingswerk van die derde engel se boodskap voor te berei. Die waarheid moet nou verkondig word met 'n krag wat dit vir jare nie geken het nie. Die boodskap van waarheid vir ons tyd moet oral verkondig word."

Ek doen 'n beroep op elkeen, deur die krag van die Heilige Gees, om deel te wees van Totale Lidmaat Betrokkenheid.

Die laat reën van die Heilige Gees is in aantog en daarmee saam die groot aankondiging aan elke persoon op aarde in die verwagting van Christus se spoedige wederkoms. Deur God se genade, laat ons deel daarvan wees. - Ted N.C. Wilson: *Adventist World*, 10 October, 2015.

DEEL DIE RYKDOM

Geestelik ryk

Daar is diegene wat geestelik ryk is. Daar is diegene wat seuns en dogters van die Koning van die heelal is, die Een wat die **vee op berge by duisende (Ps. 50:10)**, besit, Daar is diegene, **met hierdie skat**

in erdekruike, sodat die voortreflikheid van die krag van God mag wees en nie uit ons nie (2 Kor. 4:7).

Kan dit wees dat hulle met wie ons in kontak kom, onbewus is van die geestelike skatte, wat God aan Sy volk vir hierdie laaste dae geskenk het, om hierdie ewige rykdom met ander te deel?

'n Belangrike verantwoordelikheid

"Ons het 'n boodskap van die Here om aan die wêreld te verkondig. 'n Boodskap wat in die oorvloedige volheid van die Gees se krag moet uitgedra word," skryf Ellen White in *Testimonies for the Church*, vol. 7, p. 18. "Op ons rus die belangrike verantwoordelikheid om die wêreld te waarsku teen sy komende ondergang. Uit elke rigting, van ver en naby, kom uitroepe om hulp. God roep Sy kerk om op te staan en haarself met mag te bekleed. Onsterflike krone moet gewen word; die koninkryk van die hemel moet bereik word; die wêreld, wat in onverskilligheid vergaan, moet ingelig word." (ibid. p. 16).

Jesus het Sy dissipels aangespoor: **Die oes is wel groot, maar die arbeiders min (Matt. 9:37).** Jakobus herinner gelowiges om **dadere van die werk te wees (1:5).** Jesus het gesê: **Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het, so lank as dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie.** - Joh. 9:4.

'n Aansporing

Ek spoor jou aan om in die daaglikse sendingsopdrag van die kerk baie meer as voorheen betrokke te raak. Leraars en gewone lidmate, jonk en oud, moet vir die wen van siele saamwerk. Ons maak op jou staat! God maak op jou staat! Evangelisasie is die lewensbloed, die hoofslagaar van die kerk. Ons almal moet daary betrokke raak - deur persoonlike getuienis, klein groep evangelisasie of openbare evangelisasie in sy verskillende vorme - selfs al dink jy dit sal nie in jou area werk nie. Pas jou metodes aan, maar reik uit. Doen iets vir Jesus! Elke poging onder

God se leiding om die harte van mense te bereik, sal vrug dra. Laat die Heilige Gees jou denkwysse totaal hervorm. Neem die kerk se sendingopdrag van uitreik op 'n daaglikse basis in jou hande, werk met kerkleiers en leraars nou saam. Laat daar 'n totale deelname wees, niemand word uitgelaat nie, elkeen 'n sendingwerker ['n afgesant van God].

Jy is God se boodskapper

Dit is nie nodig dat jy 'n leraar moet wees om mense vir Christus te wen nie. Ellen White het geskryf: "God verwag van elkeen wat sê dat hy/sy 'n Christen is om in hierdie werk betrokke te raak. Die hande van inseëning mag miskien nie op jou gelê gewees het nie, maar jy is nietemin God se boodskapper. As jy gesmaak het dat die Here genadig is, as jy Sy verlossende krag ondervind, kan jy dit net so min weerhou om vir andere te vertel as wat jy die wind kan weerhou om te blaas. Jy sal 'n tydige woord vir hom wat vermoeid is, hê. Jy sal die voete van die afgedwaalde na die kudde terug lei. Jou pogings om andere te help sal onvermoebaar wees, omdat God se Gees in jou werk" (*Review and Herald*, 24 Nov. 1904).

Kom ons doen iets vir Jesus en andere. In plaas daarvan om die plaaslike kerk en haar aktiwiteite te kritiseer reik uit na ander vir Christus en moenie dat enigiemand vir jou sê dat jy nie nodig is nie. Werk met jou leraar en kerk saam. Die Heilige Gees sal jou as die hemel se boodskapper na jou buurt bemagtig. Terwyl jy met Hom saamwerk, sal herlewing en hervorming iets baie persoonliks en 'n werklikheid word.

Daardie wonderlike boekie *Testimonies for the Church*, vol. 9, vertel van ons spesiale werk in Totale Lidmaat Betrokkenheid. Let op na hierdie dringende aanmaning:

"Die plegtigste waarhede wat ooit aan sterwelingse toevertrou is, was aan ons gegee om aan die wêreld te verkondig" (p. 19).

"Ons moet onthou dat 'n lewe soos Christus die kragtigste argument, wat ten gunste van die Christendom aangevoer kan word, is. Mense sal glo, nie wat die prediker preek nie, maar wat die Kerk uitleef" (ibid. p. 21).

"Christus se werk moet ons voorbeeld wees.Sy lewe was een van onselfsugtige diens en dit moet ons handboek wees" (ibid. p. 31).

"As elke kerklidmaat 'n lewende sendingwerker was, sou die evangelie in elke land, volk, nasie en taal vinig verkondig wees" (ibid. p. 32).

"God se volk moet so toegewyd en getrou in hulle werk vir Hom wees dat alle selfsugtigheid uit hulle lewe verwyder word. Sy werkers sal dan saamwerk en die krag van die Here, soos in die lewe van Christus gesien, sal geopenbaar word. Vertroue sal herstel wees en daar sal eenheid in die kerk dwarsdeur ons geledere wees" (ibid. p. 33).

"Dit is nie geleerde, welsprekende sprekers wat nou benodig word nie, maar nederige Christelike manne en vroue, wat deur Jesus van Nasaret onderrig is om nederig en sagmoedig te wees, en wat, vertrouende in Sy sterkte, sal voortgaan na die hoofweë en lanings om die uitnodiging te rig: **Alles is gereed. Kom na die bruilof.** - Matt. 22:4 (ibid. p. 36).

Bereik die wêreld vir Jesus

Binnekort sal ons boontoe kyk en Jesus in die wolke sien soos Hy gesê het Hy sal kom. Hy sal kom om ons huistoe te neem. Dit sal die hoogtepunt van Sy verlossende werk, waarin Hy elke gewillige werker gebruik het om die wêreld vir Hom te bereik, wees. Ek doen 'n beroep op elkeen van ons, deur die krag van die Heilige Gees, om deel te wees van Totale Lidmaat Betrokkenheid. Die laat reën van die Heilige Gees is in aantog en daarmee saam die kragtige verkondiging aan elke persoon op aarde in afwagting van Christus se spoedige wederkoms. Deur God se genade, kom laat ons daaraan deel hê!

Ted N.C. Wilson: *Adventist World*, Maart 2016.

WEES SOOS JESUS CHRISTUS VERKONDIG DIE WAARHEID IN LIEFDE

Een van die belangrikste verse in die Bybel vind ons in 1 Johannes 4:8:
Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde.

Dwarsdeur Sy aardse bediening het Jess herhaaldelik die belangrikheid van liefde beklemtoon. Toe Hy gevra was: **Wat is die eerste gebod van almal**, Markus 12:28, het Jesus gereageer deur 'n welbekende gedeelte uit Deuteronomium aan te haal: **En jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag.** Dit is die eerste gebod. En die tweede, hieraan gelyk, is dit: **Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander gebod groter as dié nie.** - Markus 12:30,31.

Nadat Jesus Sy dissipels se voete gewas het, het Hy vir hulle gesê: 'n **Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.** - Johannes 13:34,35.

Die geliefde apostel Johannes herhaal hierdie belangrike tema in 1 Johannes 4:7,8: **Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God. Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde.** - 1 Joh. 4:7,8.

Johannes gaan in vers 16 voort: *En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde en hy wat in die liefde bly, bly in God en God in hom. Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld. Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in en hy wat vrees,*

het nie volmaak geword in die liefde nie. Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het (verse 16-19).

'n Pragtige diamant

Soos 'n pragtige diamant is God ryk geskakeerd. Die God van liefde is ook die God van waarheid. Ons lees in Deuteronomium 32:4: **Die Rots - volkome is Sy werk; want al Sy weë is strafgerigte; 'n God van trou en sonder onreg; regverdig en reg is Hy.**

Die onveranderlikheid van God se liefde klop met die onveranderlikheid van Sy waarheid. **Want Ek, die Here, het nie verander nie.** - Maleági 3:6. God verander nie, so ook bly Sy waarheid dieselfde.

In Sy gebed tot die Vader verklaar Christus: **Hulle [Sy volgelinge] is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie. Heilig hulle in U waarheid; U woord is die waarheid. Soos U My gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur.** - Johannes 17:16-18.

God se Woord - die Bybel - is Sy waarheid en omdat dit Sy waarheid is, is dit onveranderlik. Jesus stuur Sy gelowiges uit om die waarheid te verkondig. En omdat Sy waarheid in stryd met die wêreld is, kry dit dikwels met vyandigheid en verwerping te doen. Nógans: **Die liefde is lankmoedig en vriendelik, die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onweloeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor die ongeregtheid nie, maar is bly saam met die waarheid.** - 1 Kor. 13:4-6.

Spreek die waarheid in liefde

Jesus gee baie voorbeelde hoe om die waarheid in liefde te spreek. Een van die bekendste is in Johannes 4 waar Jesus met die Samaritaanse vrou by die fontein van Jakob praat.

Die Jode het interaksie met die Samaritane vermy, omdat hulle van mening was dat die Samaritane 'n vervalste, verdraaide vorm van godsdiens gehad het. Maar Jesus het na elkeen uitgereik. Hy het gewet Hy het 'n werk om in Samaria te doen en het God vertrou om Hom te lei. Verder wou Hy 'n voorbeeld vir die dissipels stel en openbaar dat hulle werk wyer as Israel strek.

Toe Jesus die Samaritaanse vrou by die fontein ontmoet het, het Hy nie slegs na 'n beker water gedors nie, Hy het verlang om haar siel te herstel. Omdat Jesus nie bang was om die waarheid in liefde te spreek nie het die ontmoeting, wat met 'n eenvoudige versoek begin het, in 'n effektiewe, tweedaagse evangelisasie uitreik verander.

In gees en waarheid

Jesus het voortgegaan en gesê: **Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.** - Johannes 4:23,24.

Ware aanbidding, het Jesus gesê, is in **gees** en **waarheid** - jy kan nie net die **gees** of net die **waarheid** hê nie. Jy moet albei hê. **In gees** beteken om in ooreenstemming met God se Gees van liefde en die navolging van Sy werkswyse [gebruik] te wees. Waarheid is altyd in ooreenstemming met Sy Woord; dit is waar waarheid gedefinieer word. Diegene wat in **gees** en **waarheid** aanbid, is die ware aanbidders wat die Vader soek. God is die fokus; Hy is die bron van waarheid en dit is Sy Gees wat ons tot aanbidding om Hom te ken en Hom lief te hê nader trek.

Die waarheid soos dit in Jesus is

Vandag het God die waarheid vir hierdie laaste dae geopenbaar: die waarheid soos dit in Jesus, in Sy geregtigheid en verlossing, in Sy Drie Engele Boodskap, in Sy heiligdomdiens, in Sy gesondheidsboodskap en in

Sy wederkoms binnekort is. Ons Sewendedagadventiste moet nie hierdie waarhede van die wêreld weerhou nie. Dit is nie ons waarheid nie, dit is God se waarheid. Hy wil dat ons dit met almal deel ten einde elkeen te red.

Ons is geroepe - selfs onder mekaar - om die waarheid in liefde te spreek, selfs wanneer die waarheid teen kultuur, wêreldse wysheid of waardes te staan kom. Ons woorde en oortuigings moet altyd met medelye vir diegene wat van ons mag verskil gepaardgaan, of hulle in die kerk of in die openbaar is. Ons moet ons oortuigings, op God se heilige Woord en die leiding van die Heilige Gees gebaseer, met liefde en meegevoel deel en so demonstreer dat Christus se ewige liefde in ons werksaam is.

Die boodskap wat aan God se oorblyfselfolk toevertrou is, is transkultureel en tydloos soos in Openbaring 14 aangedui: **En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke (vers 6).**

Ons boodskap is vandag net so relevant as toe dit in die 1840's vir die eerste keer verkondig was. Dit is selfs nou meer relevant, omdat ons nou nader aan Jesus se wederkoms is. Dit is nou die tyd vir totale lidmaat betrokkenheid en volkome getrouheid aan God se Woord.

Dit is nou die tyd vir ons om te bely: **Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe.** Hy is immers die hoof en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. **Elkeen van hulle vervul sy funksie en so bou die liggaam homself op in liefde.** - Efesiërs 4:15,16. Ted N.C. Wilson: *Adventist World*, April 2016.

LEWENDE WATER MOET GEDEEL WORD

Maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe. - Johannes 4:14.

Soos die plan van verlossing begin en eindig met 'n gawe, so moet dit voortgesit word. Dieselfde gees van opoffering wat vir ons verlossing betaal het, sal in die harte van almal, wat deelnemers aan die hemelse gawe word, woon. Die apostel Petrus sê: **Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God.** - 1 Petrus 4:10. Voordat Jesus Sy dissipels op hulle sending gestuur het, het Hy gesê: **Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee.** - Mattheüs 10:8. In hom wat ten volle met Jesus is, kan daar niks selfsugtig of eksklusief en afsydig wees nie. Hy wat van die lewende water drink, sal vind dat dit in hom 'n **fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe** is. Die Gees van Christus is soos 'n fontein wat in die woestyn opwel om almal te verfris en wat diegene wat op die punt is om te sterf gretig maak om van die water van die lewe te drink.

Dit was dieselfde gees van liefde en selfopoffering wat in Christus was wat die apostel Paulus tot sy veelvuldige take aangespoor het. **Ek is 'n skuldenaar, sê hy teenoor Grieke sowel as nie-Grieke, teenoor wyse sowel as onverstandige mense.** - Romeine 1:14. **Aan my, die geringste van al die heiliges, is hierdie genade gegee om onder die heidene die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig.** - Efesiërs 3:8.

Ons Here het dit so beplan dat Sy kerk aan die wêreld die volheid en genoegsaamheid, wat ons in Hom vind, moet weerspieël. Ons ontvang voortdurend van God se milddadigheid en deur dieselfde deelagtig te word, moet ons aan die wêreld die liefde en weldadigheid van Christus

voorstel. Terwyl die ganse hemel opgewonde en in beweging is deur boodskappers na alle wêrelddele te stuur om die werk van verlossing voort te sit, moet die kerk van die lewende God ook medewerkers met Jesus Christus wees. Ons is ledemate van Sy verborge liggaam. Hy is die Hoof wat al die ledemate van die liggaam beheer. Jesus Homself, in Sy oneindige barmhartigheid, bewerkstellig in menseharte geestelike transformasies wat so indrukwekkend is dat die engele met verbasing en verwondering en blydschap toekyk. - *Review and Herald*, 24 Des. 1908.

Geneem uit *Ye Shall Receive Power*. - Ellen White, p. 19.

DIE WONDERLIKSTE WERK OP AARDE

Die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was. - Lukas 19:10.

Elkeen wat in Christus as 'n persoonlike Saligmaker glo, is onder verbintnisse aan God om rein en heilig te wees, om 'n geestelike werker te wees, streef om die verlore nes te red, of hulle groot of klein, ryk of arm, slaaf of vrye is. Die wonderlikste werk op aarde is om diegene wat verlore is te soek en te red vir wie Christus die oneindige prys met Sy bloed betaal het. Elkeen moet aktiewe diens verrig en as diegene wat met lig geseën is, nie die lig na ander versprei nie, sal hulle die kosbare genade wat aan hulle geskenk is, verloor, omdat hulle 'n heilige plig versuim wat duidelik in die Woord van God uitgestippel word. Namate die lig van die ontroue verflou, word sy eie siel in gevaar gestel en diegene vir wie hy 'n skynende lig moes gewees het, ontbeer die seën wat God bedoel het hulle deur die menslike werktuie moes verkry. Sodoende word die skaap wat nie opgesoek was nie, nie na die kudde teruggebring nie.

God is van jou, die menslike werktuig, afhanklik om jou plig na die beste van jou vermoë te doen en Hyself sal die groei gee. As menslike werktuie met Goddelike hulp sou saamwerk, sou duisende siele gered word. Die

Heilige Gees sou aan toegewyde werkers glimpse van Jesus gee, wat hulle vir elke konflik sou staal en hulle sou ophef en versterk en hulle meer as oorwinnaars maak. Wanneer twee of drie saamkom om hulle planne te verenig en hulle versoeke na bo rig, is die belofte vir hulle: **Bid en vir julle sal gegee word; soek en julle sal vind; klop en vir julle sal oopgemaak word.** - Lukas 11:9. **As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?** - Lukas 11:13. Die Here het beloof dat waar twee of drie in Sy Naam bymekaarkom, daar sal Hy in hulle midde wees. Diegene wat vir gebed saamkom, sal van die Heilige Een 'n salwing ontvang. - *Review and Herald*, 30 Junie 1896.

Geneem uit *Ye Shall Receive Power*. - Ellen White, p. 161.

ELKE MAN, VROU EN KIND IS VERANTWOORDELIK

Die een wat vyf goue muntstukke ontvang het, kom toe en bring die ander vyf saam en sê: Meneer, vyf goue muntstukke het u aan my toevertrou. Hier is dit met vyf ander wat ek wins gemaak het. Toe sê sy eienaar vir hom: Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde! - Mattheüs 25:20,21.

Die gelykenis van die gawes of begaafdhede moet 'n saak van sorgvuldige en biddende bestudering wees, want dit het 'n persoonlike en individuele toepassing vir elke man, vrou en kind wat verstandelike vermoëns besit. Jou plig en verantwoordelikheid is in verhouding tot die gawes of begaafdhede wat God aan jou geskenk het. Daar is nie 'n volgeling van Christus wat een of andere besondere gawe of begaafdheid het vir gebruik waarvoor hy nie aan God verantwoordelik is nie.

Baie het hulself verskoon om hulle gawe aan die diens van God te wy, omdat andere oor meerdere gawes en voorspronge beskik. Die opvatting heers dat slegs van diegene wat spesiaal begaafd is, verwag word om hulle bekwaamhede aan die diens van God toe te wy. Daar word geglo dat gawes of begaafdhede slegs aan 'n bevoorregte groep gegee was, wat tot die uitsluiting van ander, nie gevra word om in die arbeid of beloning te deel nie. Maar dit word nie so in die gelykenis voorgestel nie. Toe die huisheer sy diensknegte geroep het, het hy aan elkeen sy werk gegee.

Die hele familie van God is ingesluit in die verantwoordelikheid vir die gebruik van hulle Here se goed. Elke individu, van die eenvoudigste en onbelangrikste tot die mees vooraanstaande, is 'n geestelike verteenwoordiger wat met vermoëns begaafd is waarvoor hy aan God verantwoordelik is. In 'n mindere of meerdere mate is almal in beheer van die gawes van hulle Here geplaas. Die geestelike, verstandelike en fisieke vermoë, die invloed, status, besittings, gevoelens, meegevoelens is almal kosbare gawes wat in die saak van die Meester gebruik moet word vir die redding van siele vir wie Christus gesterf het. Hoe min waardeer hierdie seëninge! Hoe min streef om hulle gawes en begaafdhede te verbeter en hulle bruikbaarheid in die wêreld te vergroot! Die Huisheer het aan elkeen sy werk gegee. Hy het aan elkeen ooreenkomstig sy vermoë gegee en sy vertrou is in verhouding tot sy vermoë of bekwaamheid. God vereis van elkeen om 'n arbeider in Sy wingerd te wees. Jy moet die werk aanvaar wat in jou sorg geplaas is en dit getrou doen. - *Review and Herald*, 1 Mei 1888.

Geneem uit Ye Shall Receive Power. - Ellen White, p. 218.

DIE GEMEENTE 'N KRAG EN LEWENSBRON TEN GOEDE

Totale lidmaat betrokkenheid

Om die waarheid te besit, al is dit hoe wonderbaarlik, is nie voldoende nie. In Jesaja 58 word God se volk as passievol beskryf ten opsigte van hulle godsdienstige aanbidding en praktyke, maar tog ook swak in die praktiese toepassing van hulle geloof. God roep vandag Sy kerk om 'n krag ten goede te wees, om die wekroep van die profete van die Ou Testament te laat weerklink en om die waarheid van Sy karakter te openbaar.

Waar die stroom ook kom, sal dit wemel van al die soorte diere en sal daar baie vis wees.... Waar die stroom kom, sal alles lewe. - Eseg. 47:9. Esegël se profesie illustreer dat waar die rivier vanuit God se kerk vloei, sal daar lewe wees. Wat 'n vreemde gesig sal dit nie wees nie; op die walle van 'n massa water, wat daarvoor bekend is dat daar geen vis in leef nie, word dit meteens 'n plek waar vissermanne hulle nette uitgooi, omdat so baie vis daar gevang word. Die hoofsaak hiervan is dat wanneer die krag van God in Sy mense werksaam is, kan lewe ontstaan waar dit nooit voorheen bestaan het nie. "Waar God aan die werk is, is daar nie meer 'n hopelose situasie nie en geen groep mense is buite die bereik van verlossing nie en geen oorerflikheid van 'n ongelukkige verlede hoof ons te verdoem tot 'n toekoms van wanhoop nie." - *The Interpreter's Bible*, vol. 6, p. 328. God se onbeskryflike groot genade doen wonderlike dinge - vir enigeen wat dit wil aanvaar. Hier het ons weer die boodskap van die evangelie. Deur ons kan God hoop bied aan diegene wat mismoedig, wanhopig en sterwend is, beide geestelik en fisiek.
